

REDES EN HINDERNISSE VIR SPORTDEELNAME BY HOËRSKOOLEERLINGE IN DIE POTCHEFSTROOM-DISTRIK

Zonja Coetzee
Hons. BSc.

Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van
die vereistes van die graad Magister Scientiae in die Skool vir Biokinetika,
Rekreasie en Sportwetenskap aan
die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys



Studieleier: Dr. M. Coetzee
Medeleier: Dr. K.F.H. Botha
November 2003
Potchefstroom



Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

VOORWOORD

Aan my Hemelse Vader: Dankie vir U groot genade om hierdie studie te kon voltooi. *Daarom vertrou almal wat U Naam bely, op U, want U, Here laat dié wat vra na u wil, nie in die steek nie. Psalm 9:11*

Aan my studieleier, Dr. Coetzee: U is 'n ongelooflike mens, vir 'n beter studieleier kon ek nie vra nie! Dankie vir al u tyd, moeite en geduld.

Aan my medestudieleier, Dr. Botha: Dankie vir al u insette om van hierdie studie 'n sukses te maak.

Aan Dr . Ellis: Baie dankie dat u altyd beskikbaar was om te help met die statistiek u bydrae word baie waardeer.

Aan my ma, Petro: Ma is 'n wonderlike ouer, iemand op wie ek kan steun, moed ingepaat het wanneer ek moed wou verloor en my altyd met liefde omvou. Dankie vir ma se oop hart wat met soveel liefde gee!

Aan Niel: Vir jou liefde, ondersteuning en bemoediging. Dit het vir my oneindig baie beteken, al was jy somtyds ver.

Aan my familie en vriende: Suria, Juan, Johan, Francine, Oom Piet, Tannie Moets en Astrid. Dit is 'n voorreg om te weet dat julle my altyd in julle gebede opgedra het. Dankie vir elkeen van julle se liefde en vriendskap.

'n Woord van dank aan Mev C. van der Walt vir die hantering van die taalversorging

Die Skrywer

November 2003

ABSTRACT

One of the areas in youth sport that has recently come under close scrutiny concerns the alarming rate at which youth are leaving sport. An understanding of variables that affect children's participation in sport is important to professionals who are responsible for planning after school and weekend sport activities and who hope to attract children to healthy, active life styles that lead to wellness and fitness throughout their lifetimes. Literature on the reasons or motives for sport participation that was noted in this dissertation showed that researchers have made use of different theoretical frameworks to study these reasons. The best known of these in the sporting environment is the competition theory, the achievement-based theory, as well as the achievement-motivational theory/self-determining theory (intrinsic and extrinsic theory). Literature further revealed that age, gender and race can also affect the reasons for sport participation. The barriers that can limit or preclude youth sport participation have been explained in this dissertation according to the model of Crawford *et al.* (1991) and specific obstacles or restrictions which could influence youth sport participation, have been identified. Thus the primary purpose of this study was to examine the reasons or participation motives why youth participate in sport as well as the barriers that preclude or prohibit them from sport participation.

Four hundred and seventy eight high school pupils (211 boys and 267 girls) from 4 high schools in the Potchefstroom district participated in the study. The Participation Motivation Questionnaire (PMQ) (Gill *et al.*, 1983) was applied to determine the reasons for sport participation. With regard to the first aim of the study, the results indicated that the 5 main reasons why high school pupils participate in sport are: "to do something they are good at, to develop their body, teamwork, to learn new skills and to meet new people. A factor analysis was performed and six factors were labeled: adventure/fun, achievement, team spirit, skill development, competition and energy release. These factors were used to determine whether there was a relationship between the reasons for

sport participation and gender, race and age. In general the similarities between girls' and boys' responses in the current study were more striking than the differences that suggests that boys and girls participate in sport for the same reasons. Gender did not have an effect on the other factors. Race had a medium effect on the reasons for sport participation whereas age showed no effect. Findings of the study can provide to those who are involved in the world of sport, an awareness and literacy of the reasons why high school pupils participate in sport.

With reference to the second aim of the study, the results provided evidence that there are constraints that can preclude or limit the sport participation of high school pupils. Individual constraints were ranked and the 5 most important constraints for sport participation were "limited time, family responsibilities, lack of talent or skills, lack of information and lack of available exercise-programmes". The least restrictive constraint was racial relationships: Factor-analysis of the ratings yielded five factors that were labelled family/culture, finances, skills, facilities and other (no one to go with and lack of time). Effect size was also performed to establish the relationship between the barriers to sport participation and age, race and gender. Gender and age showed no relation to the constraints. Race, however, had an effect on the perception of constraints to sport participation. Sport administrators, coaches and teachers need to be made aware of the importance of lack of time as a barrier to sport participation as well as of the effect of structural barriers, especially on the previously disadvantaged groups.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	i
ABSTRACT	ii
INHOUDSOPGAWE	iv
BYLAE	viii
LYS VAN TABELLE	ix
LYS VAN AFKORTINGS	x

HOOFSTUK 1

PROBLEEM EN DOEL VAN DIE STUDIE

1.1 Inleiding en probleemstelling	2
1.2 Doelstellings	5
1.3 Hipoteses	5
1.4 Struktuur van die verhandeling	5
1.5 Bibliografie	7

HOOFSTUK 2
‘N LITERATUUROORSIG OOR REDES VIR SPORTDEELNAME
EN HINDERNISSE WAT SPORTDEELNAME
KAN BEPERK OF UITSLUIT

2.1	Inleiding	11
2.2	Agtergrond oor enkele teorieë wat as begronding dien vir motivering tot sportdeelname	12
2.2.1	Motiveringsteorieë	12
2.2.2	Die gesonheidsoortuigingsmodel (“Health Belief Model”)	15
2.2.3	Die teorie van beredeneerde optrede	16
2.2.4	Die teorie van beplande gedrag	17
2.2.5	Transteoretiese model vir gedragsverandering	17
2.2.6	Sosiaal-kognitiewe teorie	18
2.2.7	Samevatting	18
2.3	Vorige navorsing oor die redes wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem	19
2.4	Ander faktore wat sportdeelname kan beïnvloed	22
2.4.1	Ouderdom	22
2.4.2	Geslag	23
2.4.3	Ras	25
2.4.4	Ouerbetrokkenheid	27
2.4.5	Samevatting	29
2.5	Hindernisse wat jeugsportdeelname kan beperk of uitsluit	30
2.5.1	Begripsontleding	30
2.5.2	Konseptualisering van beperkinge of hindernisse tot aktiwiteitsdeelname	31

2.5.21	Hiërargie van hindernisse tot sport- en vryetyds- deelname	32
2.5.2.1.1	Gebrek aan belangstelling	32
2.5.2.2	Vorige hindernisse	32
2.5.2.2.1	Intrapersoonlike hindernisse	32
2.5.2.2.2	Interpersoonlike beperkings of hindernisse	33
2.5.2.3	Strukturele/ingrypende beperking	34
2.5.3	Ander literatuurbevindinge oor beperkinge/hindernisse tot sportdeelname	34
2.6	Samevatting	36
2.7	Bibliografie	38

HOOFSTUK 3
REDES VIR SPORTDEELNAME VAN
HOËRSKOOLLEERLINGE

Titelblad	56
Abstract	57
Inleiding	57
Metode van ondersoek	60
Resultate en bespreking	61
Gevolgtrekkings	69
Leemtes en aanbevelings	70
Summary	71
Verwysings	72

HOOFSTUK 4
HINDERNISSE WAT JEUGSPORTDEELNAME
KAN BEPERK OF UITSLUIT

Titelblad	78
Abstract	79
Inleiding	79
Metode van ondersoek	83
Resultate en bespreking	84
Gevolgtrekkings	94
Leemtes en aanbevelings	96
Summary	96
Verwysings	97

HOOFSTUK 5
SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN
AANBEVELINGS

5.1 Samevatting	102
5.2 Gevolgtrekkings	103
5.2.1 Gevolgtrekking 1	103
5.2.2 Gevolgtrekking 2	104
5.3 Aanbevelings en tekortkominge	104

BYLAE

Bylaag A: Vraelys

Bylaag B: Outeursvoorskrifte

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1	Samevatting van die 5 belangrikste redes wat aangevoer word as motiveringsredes vir sportdeelname	20
Tabel 3.1	Rangorde van belangrikheid van die redes waarom daar aan sport deelgeneem word	62
Tabel 3.2	Faktorlading van die items van die PMQ-vraelys	64
Tabel 3.3	Die verband tussen die redes vir jeugsportdeelname en geslag	65
Tabel 3.4	Die verband tussen ras en sportdeelname	66
Tabel 3.5	Die verband tussen ouderdom en sportdeelname	68
Tabel 4.1	Hindernisse wat sportdeelname kan beperk of uitsluit	85
Tabel 4.2	Faktorladings van die items van die vraelys	87
Tabel 4.3	Rangordes van hindernisse wat deur seuns en dogters onderskeidelik as belemmeringe vir sportdeelname ervaar is	88
Tabel 4.4	Faktorontleding volgens geslag	89
Tabel 4.5	Rangordes van hindernisse wat deur die onderskeie rassegroepe aangedui is	90
Tabel 4.6	Faktorontleding volgens ras	91
Tabel 4.7	Rangordes van die hindernisse tot sportdeelname vir die junior en senior hoërskoolleerlinge	93
Tabel 4.8	Faktorontleding volgens ouderdom	94

LYS VAN AFKORTINGS

ANOVA	Eenrigtingvariansie-analise
PMQ	Participation Motivation Questionnaire
SA	Standaardafwyking
Gem	Gemiddeld
N	Aantal
d	Prakties betekenisvolheid

HOOFSTUK 1

PROBLEEM EN DOEL VAN DIE STUDIE

TITELBLAD

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.2 DOELSTELLINGS

1.3 HIPOTEESES

1.3 STRUKTUUR VAN DIE VERHANDELING

1.4 BIBLIOGRAFIE

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Navorsing oor jeugsportdeelname het gedurende die afgelope dekade tot 'n prominente navorsingsarea ontwikkel (Wright *et al.*, 1999:11). Die faktore wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem word deur verskeie navorsers as een van die mees kritieke areas in jeugsport-navorsing beskou as gevolg van die tendens dat sportdeelname dramaties gedurende die adolessensiejare afneem (Stern *et al.*, 1990:89; Weiss, 1993:207). Weiss (1993:209) rapporteer in dié verband dat 64% van die jonger kinders in Australië aan georganiseerde sportaktiwiteite deelneem, terwyl slegs 36% van 13- tot 18-jariges nog aktief aan sport deelneem. Volgens Kolt *et al.* (1999:382) neem slegs die helfte van die tieners en jong volwassenes in Amerika tussen die ouderdomme twaalf en agtien jaar nog aan sport en gereelde fisieke aktiwiteite deel.

Hoewel dit belangrik is om die faktore te identifiseer wat tot uitval of staking van deelname lei, is dit volgens Longhurst en Spink (1987:25) net so belangrik of selfs van nog groter belang om te verstaan waarom hierdie tendens voorkom. In hierdie verband het Maehr en Nicholls (1980:260) 'n waardevolle bydrae tot die bestudering van motivering en prestasie gelewer. Hierdie navorsers het van die standpunt uitgegaan dat, om motivering te verstaan, dit nodig is om eerstens die individu se doeloriëntering vas te stel. Dit kom daarop neer dat motivering die funksie van die doelwitte van die individu is. Daarteenoor sal die individu hom aan die situasie onttrek of lae motiveringsvlakke toon as hy die doelwit as onbereikbaar beskou. Deur hierdie beginsel op jeugsport toe te pas, is die eerste stap dus om die doeloriëntering van die jeugsportdeelnemers vas te stel ten einde te bepaal watter redes of faktore hulle motiveer om aan sport deel te neem.

Een van die volledigste ondersoeke wat gedoen is op wat die jeug motiveer om aan sport deel te neem, is die studie van Gill *et al.* (1983:5). In hierdie studie is die motiveringsredes van 1, 138 Amerikaanse kinders (8-18 jaar) ondersoek. Die redes wat die hoogste geplaas was, is "die verbetering van vaardighede, genot, die uitdaging om nuwe vaardighede aan te leer en om fiks te word". Gill en medewerkers het voorts deur middel van 'n faktorontleding die onderskeie redes volgens dimensies of faktore gegroepeer en het 8 faktore/dimensies onderskei. Hierdie faktore is: prestasie,

statusmotivering, spanoriëntasie, fiksheid, energieontlading, vaardigheidsontwikkeling, samehorigheid, genot en 'n veelsydige faktor.

Ander navorsers het soortgelyke resultate behaal in hulle ondersoeke. Weinberg en Gould (1995:335) se studie wat op swemmers uitgevoer is, het soortgelyke bevindings gerapporteer. In hierdie ondersoek is “genot, fiksheid, vaardigheidsontwikkeling en die spanatmosfeer” as die belangrikste motiveerders aangedui. Spreitzer en Snyder (1976:238) het ook enkele redes geïdentifiseer wat deelnemers kan motiveer om vol te hou met sportdeelname, naamlik genot, die aanleer van nuwe vaardighede, fiksheid en sosiale bevrediging.

Volgens Longhurst en Spink (1987:26) verskil die motiveringsredes vir sportdeelname ook ten opsigte van die tipe sportsoort waaraan deelgeneem word, geslag en ras. In die navorsing van Gill *et al.* (1983:2) wat uitgevoer is oor die verskillende geslagte se motivering vir deelname aan sport, is bevind dat dogters se motivering vir deelname aan sport meer gerig is op sosiale bevrediging, terwyl seuns se primêre fokus op fiksheid en die verbetering van vaardighede val. Vir seuns is sukses en status belangriker as vir dogters (Gill *et al.*, 1983:2; Gould *et al.*, 1985:131). Morris *et al.* (1996:283) het bevind dat seuns in die algemeen meer gemotiveer word deur ego-georiënteerde aspekte (kompetisie/status), terwyl dogters weer oorwegend deur taakgeoriënteerde aspekte (samenwerking, gesondheid en leervaardighede) gemotiveer word.

By ouer deelnemers is kompetisie minder belangrik as by jonger sportdeelnemers (Duda & Tappe, 1989:245; Flood & Hellstedt, 1991:163; Gill, 1986:241; Gill & Overdorff, 1994:91; Gill, *et al.*, 1996:310; Markland & Hardy, 1993:292; Mathes & Battista 1985:722). Jong deelnemers stel hoofsaaklik in genot en die aanleer van nuwe vaardighede belang, terwyl ouer deelnemers gesondheid, fiksheid en ontspanning as belangriker beskou (Morris *et al.*, 1996:283).

Ouers speel ook 'n belangrike rol by jeugsport, veral gedurende die vroeë en middelkinderjare. Ouers vervul dikwels die rol van motiveerder, fasiliteerder en selfs afrigter in die kind se lewe (Lewko & Greendorfer, 1998:285). Ouers se ondersteuning

kan positief geassosieer word met die kind se selfrespek, maar oordrewe druk en te hoë verwagtings kan angstigheid by kinders veroorsaak (Hoyle & Leff, 1997:239).

Die studie van Page en Liu (1997:105) oor die effek van kultuurverskille op sportdeelname het getoon dat daar betekenisvolle verskille in die kompetisie-ingesteldheid tussen deelnemers van die VSA en China was. Weinberg *et al.* (1997:118) het uiteenlopende redes vir sportdeelname tussen die Amerikaanse, Australiese en Nieu-Seelandse jeug aangetref. Verskeie studies dui aan dat swart sportdeelnemers geneig is om meer spansport georiënteerd te wees, en hulle hou ook meer daarvan om van stedelike ontspanningsfasiliteite gebruik te maak, terwyl die blankes meer individualisties in hulle gedragspatrone is en eerder buitelug- ontspanningsaktiwiteite verkies (van Deventer, 1998:95).

Benewens die navorsers wat gefokus het op die redes waarom daar aan sport deelgeneem word, is daar ook diegene wat navorsing gedoen het oor die redes waarom persone nooit aan sport deelneem nie, of waarom sportdeelname gestaak word. Weinberg en Gould (1995:449) het faktore geïdentifiseer wat 'n rol speel by die afname in sportdeelname tydens adolessensie. Hierdie faktore is onder andere beserings, siektes, finansies en die invloed van die portuurgroep. Ball (1976:729) en Martin en Dodder (1991:119) assosieer staking van sportdeelname met slegte ervarings in die sportmilieu. Ogilvie (1979:53) vind dat kinders wat ekstrasiek gemotiveer word om aan sport deel te neem, vroeër deelname staak as intrinsiek gemotiveerde kinders.

Die redes vir sportdeelname by jeugdiges asook die faktore wat 'n rol speel by nie-deelname, is 'n navorsingsarea wat in die Suid-Afrikaanse konteks tot nou toe nie voldoende aandag geniet het nie. Volgens die Gesamentlike Katalogus vir Proefskrifte en Verhandelings (GKPV) is geen nagraadse studies nog onderneem oor die spesifieke redes vir deelname aan sport by adolessente in Suid-Afrika nie. Die navorsingsvraag wat gevolglik met hierdie studie beantwoord wil word, is om te bepaal watter redes adolessente in die Potchefstroom-distrik motiveer om aan sport deel te neem. Voortspruitend hieruit wil bepaal word of 'n verband bestaan tussen die redes vir sportdeelname en geslag en ras, asook watter faktore jeugsportdeelname in die Potchefstroom-distrik kan inhibeer. Inligting hieroor kan van groot waarde vir die

plaaslike owerhede, sportadministrateurs en sportliggame wees om hul fokus op die ontwikkeling van sport en die behoeftes van die jeug in Potchefstroom te rig. Dit kan ook vir die sportafrigter en sportwetenskaplike met die samestelling van oefenprogramme van nut wees, terwyl inligting oor die faktore wat sportdeelname negatief kan beïnvloed, vir persone wat verantwoordelik is vir sportbevordering in die Potchefstroom-distrik, waardevol kan wees.

1.2 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van hierdie navorsing is derhalwe om te bepaal:

- 1.2.1 wat die belangrikste redes is waarom hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik aan sport deelneem, en of hierdie redes ouderdom-, geslag- en/of rasspesifiek is; en
- 1.2.2 wat die belangrikste hindernisse is wat die sportdeelname van hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik kan verhinder of strem, en of hierdie hindernisse ouderdom-, geslag- en/of rasspesifiek is.

1.3 HIPOTEESES

Die studie word op die volgende hipoteses gebaseer:

- 1.3.1 'n Rangorde kan saamgestel word van die belangrikste redes wat hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik motiveer om aan sport deel te neem, en hierdie redes vir sportdeelname is ouderdom-, geslag- en rasspesifiek.
- 1.3.2 'n Rangorde kan saamgestel word van die hindernisse wat sportdeelname van hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik kan verhinder om aan sport deel te neem en hierdie hindernisse is ouderdom-, geslag- en rasspesifiek.

1.4 STRUKTUUR VAN DIE VERHANDELING

Hierdie verhandeling word in artikelformaat aangebied. Die struktuur van die verhandeling lyk soos volg:

- 1.4.1 Hoofstuk 1 bevat die probleem en doel van die studie. Die bibliografie word volgens die *voorskrifte van die PU vir CHO* aangebied
- 1.4.2 Hoofstuk 2 bied 'n literatuuroorsig van faktore wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem asook van die hindernisse wat sportdeelname kan strem of verhinder. Die bibliografie aan die einde van Hoofstuk 2 word volgens die *voorskrifte van die PU vir CHO* aangebied
- 1.4.3 Die metode van die ondersoek word vervat in Hoofstukke 3 en 4 wat die twee artikels van die studie bevat.
- Die eerste artikel is getitel: Redes vir sportdeelname van Hoërskoolleerlinge. Die artikel is ingestuur na die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning. Die bibliografie word volgens die *betrokke Joernaal se voorskrifte* aangebied.
 - Die tweede artikel is getitel: Identifisering van hindernisse wat jeugsportdeelname kan strem of verhinder. Die artikel is ingestuur na die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning. Die bibliografie word volgens die *betrokke Joernaal se voorskrifte* aangebied.

Die instruksies vir outeurs van die betrokke Joernaal, sowel as die vraelyste wat in die studie gebruik is, word in Aanhangsel A gevind. Vir tegniese doeleindes is daar enkele wysigings aan die voorskrifte aangebring. Die artikels verskyn in die formaat soos dit in die Joernaal geplaas word. Die teks van die artikels is geblok, en in een en 'n half- en nie dubbelspasiëring getik soos die Joernaal vereis nie. Verder is die kantlyne soos die res van die verhandeling uiteengesit. Die tabelle is in die teks ingevoeg en nie aan die einde van die artikel as 'n aanhangsel aangeheg nie. Bogenoemde veranderings maak die verhandeling makliker leesbaar en pas in by die struktuur van die verhandeling.

- 1.4.4 Hoofstuk 5 bevat die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie. Bronaanhalings wat in die hoofstuk voorkom, volg direk daarna en is volgens die *voorskrifte van die PU vir CHO* aangebied.

1.5 BIBLIOGRAFIE

- BALL, D.W.** 1976. Failure in sport. *American sociological review*, 41:726-739.
- DUDA, J.L. & TAPPE, M.K.** 1989. Personal investment in exercise among older adults: the examination of age and gender-related differences in motivational orientation. (In Ostrow, A.C., ed. *Aging and motor behavior*. Indianapolis, IN : Benchmark. p. 239-256.)
- FLOOD, S.E. & HELLSTEDT, J.C.** 1991. Gender differences in motivation for intercollegiate athletic participation. *Journal of sport behavior*, 14:159-167.
- GILL, D.L.** 1986. Competitiveness among females and males in physical activity classes. *Sex roles*, 15:233-247.
- GILL, D.L., GROSS, J.B. & HUDDLESTON, S.** 1983. Participation motivation in youth sports. *International journal of sport psychology*, 14:1-14.
- GILL, D.L., WILLIAMS, L., DOWD, D.A. & BEAUDOIN, C.M.** 1996. Competitive orientations and motives of adult sport and exercise participants. *Journal of sport behavior*, 19:307-318.
- GILL, K. & OVERDOFF, V.** 1994. Incentives for exercise in younger and older women. *Journal of sport behavior*, 17:87-97.
- GOULD, D., FELTZ, D. & WEISS, M.** 1985. Motives for participating in competitive youth swimming. *International journal of sport psychology*, 16:126-140.
- HOYLE, R.H. & LEFF, S.S.** 1997. The role of parental involvement in youth sport participation and performance. *Adolescence*, 32(125):233-243.

KOLT, G.S., KIRKBY, R.J., BAR-ELI, M., BLUMENSTEIN, B., CHADHA, N.K., LIU, J. & KERR, G. 1999. A cross-cultural investigation of reasons for participation in gymnastics. *International journal of sport psychology*, 30:381-398.

LEWKO, J.H. & GREENDORFER, S.L. 1998. Family influences in sport socialization of children and adolescents. (In Smoll, F., Magill, R. & Ash, M.J., eds. *Children in sport*. 3rd ed. Champaign, Ill. : Human Kinetics Publishus. 309p.)

LONGHURST, K. & SPINK, K.S. 1987. Participation motivation of Australian children involved in organized sport. *Canadian journal of sport sciences*, 12(1):24-30.

MAEHR, M.I. & NICHOLLS, J.G. 1980. Culture and achievement motivation: a second look. (In Warren, N., ed. *Studies in cross-cultural psychology*. New York : Academic. p3:221-267.)

MARKLAND, D. & HARDY, L. 1993. The exercise motivations inventory: preliminary development and validity of a measure of individuals' reasons for participation in regular physical exercise. *Personality and individual differences*, 15:289-296.

MARTIN, D.E. & DODDER, R.A. 1991. Socialization experiences and level of terminating sport participation. *Journal of sport behavior*, 14:113-128.

MATHES, S.A. & BATTISTA, R. 1985. College men's and women's motives for participation in physical activity. *Perceptual and motor skills*, 61:719-726.

MORRIS, T., CLAYTON, H., POWER, H. & JIN-SONG, H. 1996. Motives for participation in selected physical activities in Australia. *Technical report to the Australian Sports Commission*, 4:275-291.

OGILVIE, B. 1979. Child athlete: psychological implications of participation in sport. *American Academy of political and social science. Annals*, 445:47-58.

PAGE, S.J. & LIU, Z. 1997. Gender differences and cultural differences in Chinese and American students' participation motives. *Research quarterly for exercise and sport*, 68(1):A105, March.

SPREITZER, E. & SNYDER, E.E. 1976. Socialization into sport: an exploratory path analysis. *Research quarterly*, 47:238-245.

STERN, H.P., BRADLEY, R.H., PRINCE, M.T. & STROH, S.E. 1990. Young children in recreational sports. *Clinical pediatrics*, 29:89-94.

VAN DEVENTER, K.J. 1998. The state of participation in physical activities by high school learners: a survey in some Western Cape schools involving learners, teachers and parents. *Physical education and recreation*, 21(2):89-102.

WEINBERG, R., TENENBAUM, G., MCKENZIE, A., ANSHEL, M., JACKSON, S., GROVE, R. & FOGARTY, J. 1997. Motives for participation in competitive sport versus fitness activities: a cross cultural perspective. *Journal of sport and exercise psychology*, 19:S118-S125.

WEINBERG, R.S. & GOULD, S. 1995. Foundations of sport and exercise psychology. Champaign, Ill. : Human Kinetics Publishers. 529 p.

WEISS, M.R. 1993. Children's participation in physical activity: are we having fun yet? *Pediatric exercise science*, 5:205-209.

WRIGHT, J., BROWN, R., MUIR, P., ROSSI, T. & ZILM, T. 1999. Parent's perception of their children's participation in physical activity. *ACHPER healthy lifestyles journal*, 46(1):11-17.

HOOFSTUK 2

‘N LITERATUUROORSIG OOR REDES VIR JEUGSPORTDEELNAME EN HINDERNISSE WAT SPORTDEELNAME KAN BEPERK OF UITSLUIT

TITELBLAD

2.1 INLEIDING

2.2 AGTERGROND OOR ENKELE TEORIEË WAT AS BEGRONING DIEN VIR MOTIVERING TOT SPORTDEELNAME

2.3 VORIGE NAVORSING OOR DIE REDES WAT JEUGSPORTLUI MOTIVEER OM AAN SPORT DEEL TE NEEM

2.4 ANDER FAKTORE WAT SPORTDEELNAME KAN BEÏNVLOED

2.5 HINDERNISSE WAT JEUGSPORTDEELNAME KAN BEPERK OF UITSLUIT

2.6 SAMEVATTING

2.7 BIBLIOGRAFIE

2.1 INLEIDING

Deelname aan gereelde fisieke aktiwiteit is gesondheidsbevorderend en kan daartoe bydra om fisieke, psigiese en sosiale welstand te verhoog (Biddle, *et al.*, 1998:214). Volgens Pratt *et al.* (1999:527) kom 'n afname in fisieke aktiwiteit en 'n toename in obesiteit by die hedendaagse jeug voor. Navorsers onderskryf voorts die belangrikheid van sportdeelname van 'n jong ouderdom af op die fisieke aktiwiteitspatrone wat in die later jare gevolg word (Armstrong & McManus, 1994:22; Freedson en Rowland, 1992:133 Kolt & Capaldi, 2001:10;) en beklemtoon die feit dat doelbewuste pogings dus aangewend behoort te word om die jeug te motiveer om aan sport deel te neem sodat gesonde aktiwiteitspatrone gevestig kan word. Volgens Freedson en Rowland (1992:133) is hedendaagse adolessente se fisieke aktiwiteitsvlakke laag en dit verlaag verder namate hulle ouer word. Ten spyte van die oorweldigende bewyse van die gesondheidsvoordele verbonde aan deelname aan fisieke aktiwiteite en sport, het die frekwensie en intensiteit van sportdeelname gedurende die afgelope twee dekades afgeneem. Gill en Overdorff (1994:88) sê hieroor dat hierdie tendens 'n bewys daarvan is dat die voordele ten opsigte van fisieke en psigologiese gesondheid en welstand nie sterk genoeg redes blyk te wees vir volgehoue gereelde deelname aan fisieke aktiwiteite of sport nie.

Ander redes wat as motiveerders vir deelname aan fisieke aktiwiteite en sport voorgehou word, is die verbetering van die fisieke voorkoms, opwinding, kompetisie, pret en die ontwikkeling van sportgerigte vaardighede (Koivula, 1999:368). Gedurende die afgelope twee dekades is heelwat navorsing op hierdie gebied gedoen, en belangstelling is veral getoon in die redes wat die jeug motiveer om aan sport deel te neem. Volgens Gould (1982:204) is dit nodig om te weet wat die belangrikste redes is waarom die jeug aan sport deelneem sodat daardie behoeftes aandag kan geniet. Verder, meen hy kan dit lei tot langer tydperke van sportdeelname. Gould *et al.* (1985:131) is ook van mening dat dit nodig is dat die redes wat jong sportlui motiveer om aan sport deel te neem, ondersoek moet word en die sportmilieu so gestruktureer moet word dat dit in die behoeftes van jong sportlui voorsien ter wille van huidige en langtermynsportdeelname.

Soos reeds in Hoofstuk 1 gestel, is hierdie navorsingsveld nog nie voldoende in die Suid-Afrikaanse konteks ondersoek nie. Ten einde literatuur oor motiveringsredes vir

sportdeelname te ondersoek, is dit nodig om eers in te gaan op hoe hierdie terrein ontwikkel het. Vervolgens sal gekyk word na enkele teorieë en raamwerke wat die basis gevorm het vir die bestudering van motiveerders vir sportdeelname.

2.2. AGTERGROND OOR ENKELE TEORIEË WAT AS BEGRONDING DIEN VIR MOTIVERING TOT SPORTDEELNAME

2.2.1 Motiveringsteorieë

Verskeie navorsers het die motiveringsredes vir jeugsportdeelname vanuit teoretiese raamwerke bestudeer, waarvan die bekendste in die sportmilieu die kompetisieteorie (Harter, 1981b:4), die prestasie-doel-georiënteerde teorie (Maehr & Nicholls, 1980:224; Nicholls, 1984:329) en die prestasiemotiveringsteorie/ selfdetermineringsteorie (intrinsiek en ekstrinsieke) (Deci & Ryan, 1985:113) is. Vervolgens sal kortliks na hierdie en ander teorieë gekyk word.

Motiveringsteorieë fokus op die redes wat daartoe lei dat individue sekere gedrag inisieer of openbaar (Iso-Ahola, 1999:253). Motivering verwys na die kragte of faktore wat menslike gedrag inisieer, rig en volhou. Intrinsieke motivering verwys na die beoefening van 'n aktiwiteit vir die doel of satisfaksie van deelname aan die aktiwiteit self (Deci, 1975:98). Wanneer 'n persoon intrinsiek gemotiveer is, voer hy/sy die handeling ter sprake uit vrye wil uit en sonder eksterne motivering. Intrinsiek gemotiveerde persone word gedurende kompetisies hoofsaaklik gemotiveer deur die verband tussen die aktiwiteit self en die genot daarvan as sodanig, terwyl ekstrinsiek gemotiveerde persone deelneem ter wille van beloning (Weinberg *et al.* 2000:337). Eksterne motivering impliseer dat deelname gesien word as 'n middel tot 'n doel en nie ter wille van die handeling self nie.

Die konsep intrinsieke motivering is ook volledig bespreek in die werk van White (1998:20). Volgens White kon die motiveringsteorieë van Hull (oor dryfkrag) en Freud se psigoanalistiese teorie nie die individu se motivering volledig beskryf nie. White se uitgangspunt was dat 'n persoon van nature gemotiveer is om sy omgewing te beheer en te bemeester. White het hierdie tipe motivering selfdoeltreffendheidsmotivering genoem.

Selfdoeltreffendheid dui op die geloof wat 'n persoon in hom-/haarself het dat hy/sy daartoe in staat is om 'n taak suksesvol af te handel. Selfdoeltreffendheid hou verband met intrinsieke motivering ('n term wat tans gebruik word) wat veronderstel dat deelname aan 'n aktiwiteit uitsluitlik plaasvind ter wille van die plesier en satisfaksie wat daaruit verkry word. Harter het die konsep ekstrasieke motivering toegevoeg (Harter, 1978:58). Die idees van Harter is verder ontwikkel deur Deci en Ryan (1985:120) met die Kognitiewe Evalueringsteorie (CET) wat hulle gekonseptualiseer het as 'n subteorie onder die groter konstruk, naamlik die Self-Determineringsteorie (SDT) (Ryan & Deci, 2000:71). Volgens hierdie twee navorsers kan menslike gedrag nie slegs op die tweepoolteorie van die intrinsieke en ekstrasieke geplaas word nie en stel voor dat menslike gedrag op verskillende punte op 'n selfdeterminerings-kontinuüm voorkom. Wanneer individue *geamotiveer*/*"amoti-vated"* is, kom relatiewe afwesigheid van motivering voor en die redes vir die uitvoering van die handeling is nie intrinsiek of ekstrasiek nie. In hierdie geval word geen doel in die uitvoering van die handeling gesien nie, is daar geen verwagtinge nie en staak die deelnemers gou deelname aan die aktiwiteit.

Hoewel heelwat navorsers motivering as 'n globale konstruk sien, is Fortier *et al.* (1995:27) en Vallerand en Losier (1994:237) van mening dat intrinsieke motivering op drie dimensies gerig is, naamlik motivering tot kennisverbreding, tot stimulasie en tot doelbereiking. Volgens Pelletier *et al.* (1995:143) lê intrinsieke motivering tot kennisverbreding in die bevrediging wat geput word uit die aanleer of bemeestering van iets nuuts. Intrinsieke motivering deur middel van die stimuleringsfaktor is bevrediging wat uit sintuiglike en estetiese stimulering, pret en opwinding geput word, terwyl intrinsieke motivering vir doelbereiking in die bereiking van persoonlike doelwitte vir bepaalde aktiwiteite lê.

Volgens Deci en Ryan (1985:127) speel drie psigologiese behoeftes 'n rol by menslike gedrag, naamlik die behoefte aan outonomie, bevoegdheid, en samehorigheid. Hierdie psigologiese behoeftes beïnvloed motivering deur 'n kognitiewe proses. Voorbeelde van hierdie kognitiewe rolspelers is die persepsie van bevoegdheid, van prestasie, van outonomie, van taakbetrokkenheid en die persepsie van spel en genot (Irwin, 1999:54). Deci en Ryan (1985:128) onderverdeel eksterne motivering in eksterne regulering,

ekstern geïntrojekteerde regulering en geïdentifiseerde regulering. Eksterne regulering verwys na die tradisionele beskouing van deelname ter wille van eksterne belonings, byvoorbeeld sosiale erkenning. Introjeksie-motivering verwys na gedrag wat geïniseer en gereguleer word deur interne beheer. Hierdie gedrag word versterk deur interne druk soos 'n skuldgevoel of angs. Geïdentifiseerde regulering veronderstel dat individue die gedrag as belangrik klassifiseer en neem uit vrye keuse deel aan die aktiwiteit. Die persoon identifiseer dus met die aktiwiteit.

Volgens die kompetisiemotiveringsteorie word deelnemers gemotiveer en gedryf om te presteer. Dit vorm dus die basis vir intrinsieke motivering, en suksesvolle ervarings kan dus lei tot deurlopende motivering en volgehoue deelname aan sport. Volgens die uitgangspunt van Harter (1978:59; 1981a:241) se kompetisiemotiveringsteorie word van die standpunt uitgegaan dat kinders wat graag aan fisieke kompetisies deelneem, geneig is om deelname te staak wanneer hulle vaardigheidsvlak nie verbeter nie, of as nuwe vaardighede nie gereeld aangeleer word nie. Jeugsportlui wat graag op 'n sosiale vlak aan kompetisies deelneem, sal deelname staak wanneer eksterne erkenning nie verkry word nie. Feltz en Petlichkoff (1983:232) vind ook dat die mees algemene redes vir die staking van sportdeelname is dat die persoon agterkom dat die vaardigheidsvlak nie verbeter nie en vordering en prestasie nie na verwagting is nie.

Die prestasie-motiveringsteorie is volgens Scholtz (1979:157) 'n belangrike model vir die verklaring van sportdeelname. Die prestasiedoelgeoriënteerde teorie is motiefgerig op taak- en ego-oriëntering. Wanneer die strewe na prestasie en die intensiteit van kompetisie as 'n maatstaf aangelê word, sal moderne sport in twee kategorieë val, naamlik topsport en rekreatiewe sport. In topsport is die prestasiestrewe en die intensiteit van kompetisie die sentrale motief. Daarteenoor is rekreatiewe sport gerig op diegene wat die sport bedryf ter wille van die intrinsieke belonings wat dit bied soos vreugde en opwinding, vriendskappe, en oorwinnings wat behaal word. Die verskil ten opsigte van topsport en rekreasionele sport lê in die beklemtoning van prestasie en die felheid van kompetisie. Benewens topsport word 'n groot persentasie moderne sport beoefen omdat dit rekreasioneel van aard is. Dit bied geleenthede vir selfekspresie, selfverwesenliking, die bevrediging van sosiale en ander behoeftes, en omdat dit uiteindelik 'n groot mate van bevrediging voorsien. Hierdie bevrediging is die resultaat van die bevrediging van talle

behoefte, onder andere die drang na affiliasie, aktiwiteit, opwinding en ontvlugting van verveling en belewenisarmoede.

Daar is aanduidings dat die strewe na prestasie 'n persoonlikheidsdisposisie is; dat prestasiegemotiveerde persone in die meerderheid van hul optredes sal poog om hul bes te lewer. Ook is daar aanduidings dat die prestasie-ideaal aangeleer is en nie noodwendig geneties bepaal is nie.

Prestasiegemotiveerdheid is na alle waarskynlikheid 'n aangeleerde motief wat op die lange duur vasgelê word. Dit is 'n strewe met 'n interne dinamiek wat handeling kan aktiveer sodat prestasie daaruit voortvloei (Scholtz, 1979:162). Die prestasiemotief kan egter ook dormant bly totdat dit deur omgewingsleidrade aangewakker of opgewek word en dit die individu tot prestasie lei (Scholtz, 1979:163).

Volgens die Kognitiewe Evalueringsteorie (CET) sal 'n individu se intrinsieke motivering met betrekking tot 'n aktiwiteit parallel wees met die waarnemende selfregulering oor die spesifieke aktiwiteit, en hierdie waarnemende vermoë sal ook intrinsieke motivering beïnvloed (Deci & Ryan, 1985:132; Ryan & Deci, 2000:71). Met ander woorde meer persoonlike beheer en hoër bekwaamheidsvlakke ten opsigte van 'n aktiwiteit sal gepaard gaan met hoër motiveringsvlakke. Hierdie staat van hoë waarnemende bekwaamheid en hoë selfregulering bring nie noodwendig intrinsieke motivering mee nie.

Samevattend blyk dit dus dat motivering 'n aktiwiteit is wat bestaan uit intrinsieke motivering, ekstrasieke motivering en a-motivering, wat op verskillende punte van die self-determineringskontinuum val. Vervolgens sal net kortliks verwys word na enkele ander teorieë waarteen die motivering vir deelname aan fisieke aktiwiteit of sport gesien kan word.

2.2.2 Die gesondheidsoortuigingsmodel ("Health Belief Model")

Die gesondheidsoortuigingsmodel is 'n belangrike ontwikkeling in hierdie verband. Ogden (1996:20) en Sheeran en Abrahams (1996:25) wys daarop dat dié model

aanvanklik deur Rosenstock in 1966 ontwikkel is, en gedurende die 1970's en 1980's deur Becker verfyn is. Hoewel hierdie model gebruik word om gesondheidsgedrag in die algemeen te voorspel, kan dit ook belangrike implikasies vir sportdeelname inhou. Volgens die model neem 'n persoon aan sport deel weens sy opvatting oor sy vatbaarheid vir siekte of swakker lewenskwaliteit, weens die erns daarvan, asook weens die voor- en nadele verbonde aan gedragsverandering. Ten einde hulle gedrag te verander moet individue bedreig voel deur hulle huidige gedragspatrone, aansporing hê om tot sodanige aksie oor te gaan en verder glo dat spesifieke veranderinge voordelig sal wees ten opsigte van waardetoevoeging teen 'n aanvaarbare koste. Hulle moet egter ook bevoeg voel om daardie verandering teweeg te bring.

Hoewel die bruikbaarheid van dié model in verskeie studies bevestig is, ignoreer dit sekere belangrike faktore. Bury (1997:19) kritiseer die model omdat dit subjektiewe en kognitiewe faktore as die enigste voorspellers van gedrag beskou. Good (1994:457) vra homself af waarom die model daarin gefaal het om lig te werp op sosiokulturele faktore wat gedrag beïnvloed. Waar die model wel kultuur in ag neem, onderwerp dit steeds kultuur aan die 'wetenskaplikheid' van die mediese model. Schomer *et al.* (1996:27) dui ook dat daar ander faktore onafhanklik van die model optree, wat 'n rol daarin speel om gesondheidsgedrag te verander.

2.2.3 Die teorie van beredeneerde optrede

Die teorie van beredeneerde optrede (Ajzen & Fishbein, 1980:89) stel voor dat gedrag direk bepaal word deur 'n persoon se voorneme om daardie gedrag uit te oefen. Voorneme word weer beïnvloed deur houdings, naamlik die positiewe of negatiewe evaluering van die uitoefening van daardie gedrag, asook deur subjektiewe norme, oftewel die persepsie van wat betekenisvolle ander persone sal dink van sekere optredes. Die verband tussen houding en gedrag word dus gemedieer deur 'n aantal prosesse wat verklaar waarom persone nie altyd in ooreenstemming met hulle houdings optree nie.

2.2.4 Die teorie van beplande gedrag

Ajzen (1985:31) het die teorie van beredeneerde optrede uitgebrei na die teorie van beplande gedrag deur waargenome houdings ten opsigte van gedragsbeheer by die voorneme om gedrag uit te voer, te voeg. Die betrokke persoon moet dus, benewens 'n positiewe houding en die aanhang van subjektiewe norme, ook glo dat hy/sy die gedrag suksesvol sal kan uitvoer. Eers dan sal sy/haar voorneme sterk genoeg wees en die waarskynlikheid toeneem dat die gedrag wel uitgevoer sal word. Volgens Bagozzi (1992:178) is vroeëre teorieë onvolledig omdat daar nie sterk genoeg sprake van 'n motiveringskomponent is nie. In sy teorie van selfregulering wat nie verwar moet word met Leventhal, Zimmerman en Gutmann se teorie van selfregulering nie, sluit hy motivering in, maar druk dit uit in terme van die persoon se begeerte om die gedrag uit te voer. Die begeerte om bepaalde gedrag uit te voer beïnvloed voornemens baie sterker as die houding teenoor daardie gedrag.

Volgens die teorie van beplande gedrag word keuses potensieel subjektief gemaak en word dit deur interne en eksterne aspekte beïnvloed (Bagozzi & Kimmel, 1995:448). Voorts het 'n waarneembare gedragskontrole 'n direkte effek op beplande gedrag, byvoorbeeld in die keuse van vryetydsaktiwiteite (Ajzen, 1991:182). In die algemeen is individue ook meer geneig om hulle te verbind tot gedrag wat hulle glo bereikbaar is (Bandura, 1997:617). Bandura beweer dat 'n gevoel van selfdoeltreffendheid nodig is vir volgehoue gedrag totdat 'n taak afgehandel is. Selfdoeltreffendheid is onder andere die resultaat van prestasies wat in die verlede behaal is, en van sosiale en verbale aansporing.

2.2.5 Transteoretiese model vir gedragsverandering

Prochaska en DiClemente (1984:279) se transteoretiese model vir gedragsverandering, wat ook vir sportdeelname gebruik kan word, sluit vyf fases in:

- Prekontemplasie: as gevolg van ignorering of ontkenning oorweeg die individu geen veranderinge aan sy frekwensiedeelname nie.
- Kontemplasie: die persoon trek nou self 'n verband tussen sy probleem, byvoorbeeld oorgewig, en onaktiwiteit, en oorweeg wel 'n aanpassing, byvoorbeeld om aan sport te begin deelneem.

- Voorbereiding: klein veranderings word aangebring sodra die persepsie ontstaan dat die voordele daarvan, in vergelyking met die koste wat aangegaan moet word, wel groter is.
- Aksie: die nuwe gedragsvorm word nou aktief toegepas.
- Onderhoud of handhawing: die verandering word oor 'n langer tydperk heen volgehou.

2.2.6 Sosiaal-kognitiewe teorie

Die sosiaal-kognitiewe teorie is 'n waardevolle teorie om lig te werp op hoe die sosiale milieu 'n persoon se fisieke aktiwiteite kan rig, hom laat volhard of die aktiwiteit staak (Greendorfer, 1978:119; Wold en Kanna, 1993:283). Volgens Bandura (1986:97) word die sosiaal-kognitiewe teorie, soos toegepas op fisieke aktiwiteit, gesien as 'n proses waarin ander betekenisvolle faktore soos familieleden en beste vriende 'n kragtige invloed uitoefen op die aktiwiteitsprofiel van kinders (Freedson en Evenson, 1991:385). Sportdeelname word bepaal deur die interaksie van persoonlike faktore, byvoorbeeld fisieke fiksheid, persoonlikheid, houdings en motivering. Dit word ook deur omgewingsfaktore soos ouers en vriende se houdings en gedrag teenoor fisieke aktiwiteit, asook beskikbare fasiliteite en geleenthede bepaal (Greendorfer, 1978:120; Wold & Kanna, 1993:283).

2.2.7 Samevatting

Uit die voorafgaande besprekings blyk dit dat verskillende teorieë of raamwerke bestaan van waaruit die redes vir sportdeelname verklaar en bestudeer kan word. Hierdie navorsingsarea het die afgelope twee dekades heelwat aandag geniet, omdat jeugsportdeelname tendense toon van verminderde deelname en ook omdat sportdeelname vroeër gestaak word. Verskillende teorieë of raamwerke van waaruit die redes vir sportdeelname bestudeer is, is in die literatuurstudie gestel, waarvan die bekendste teorieë in die sportmilieu die kompetisieteorie, die prestasie-doel-georiënteerde teorie en die prestasie-motiveringsteorie of self-determineringsteorie is. Hierdie motiveringsteorieë fokus hoofsaaklik op redes wat individue motiveer om sekere gedrag te inisieer. Die meeste van hierdie teorieë is gebaseer op die intrinsieke en ekstrasieke

motiverings model. Hoewel navorsers die redes vir sportdeelname vanuit verskillende teoretiese raamwerke ontplooi het, is redelike vlakke van metodologiese konsekwentheid op die navorsingsterrein gehandhaaf.

Vanuit hierdie teorieë is vraelyste deur verskeie navorsers saamgestel en is navorsing studies geloods om te bepaal wat die belangrikste redes is wat individue motiveer om aan sport deel te neem. Vervolgens sal na enkele van die bevindinge van hierdie ondersoeke gekyk word.

2.3 VORIGE NAVORSING OOR DIE REDES WAT JEUGSPORTLUI MOTIVEER OM AAN SPORT DEEL TE NEEM

Uit die raamwerk van verskillende motiveringsteorieë het verskeie navorsers meetinstrumente saamgestel ten einde die motiewe vir sportdeelname te evalueer. In die literatuur oor motivering in sport is ten minste 37 skale gepubliseer wat handel oor oefeningsmotivering, en 20 skale oor sportmotivering (Ostrow, 1996:153). Heelwat van hierdie skale fokus op intrinsieke en ekstrasieke motivering, byvoorbeeld die "Motivation for Physical Activity Measure" (Frederick & Ryan, 1993:130), die "Exercise Motivation Scale" (Li, 1999:101), die "Sport Motivation Scale" (SMS) en die "Participation Motivation Questionnaire" (PMQ) (Gill *et al.*, 1983:8). Die PMQ is dan ook die vraelys wat in die onderhawige studie gebruik is, omdat dit spesifiek gerig is op jeugsportdeelname. Volgens Gill *et al.* (1983:8) was die doel van die aanvanklike studie wat tot die samestelling van die PMQ gelei het tweeledig, naamlik om die redes vir sportdeelname by jeuglui te ondersoek (op die beskrywende vlak) en om 'n meetinstrument saam te stel wat spesifiek op jeugsportlui gemik is. Verdere inligting oor die PMQ wat as meetinstrument in hierdie studie aangewend is, sal in die bespreking van die metode (in die artikels) weergegee word.

Tabel 1 is 'n opsomming van navorsing wat gedoen is met vraelyste wat vanuit die *motiveringsteorieë* ontwikkel is. In hierdie tabel word 'n samevatting gegee van ondersoeke wat gedoen is om die belangrikste redes te bepaal wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem. Die meeste vraelyste wat in hierdie studies gebruik is, het bestaan uit 20 tot 30 toetsitems, waarop die respondente moes aandui of dit as baie

belangrike, belangrike en minder belangrike redes vir hulle sportdeelname. Hieruit word die rangorde van belangrikheid van die onderskeie redes vir sportdeelname dan bepaal.

TABEL 1: SAMEVATTING VAN DIE 5 BELANGRIKSTE REDES WAT AANGEVOER WORD AS MOTIVERINGSREDES VIR SPORTDEELNAME

Navorsers	Jaar	Proefgroep	n	Vraelys	Rangorde van die eerste 5 belangrikste redes
Weick	1974	Studente (verskillende sportsoorte)	1785	Personal Needs Inventory	- ek wil pret hê - ek hou daarvan om te oefen - nuwe vriende te maak - ek wil my sportvaardighede verbeter - ek wil na 'n hoër vlak beweeg
Soudan en Everett	1981	Studente (verskillende sportsoorte)	909	Participation Motivation Questionnaire	- ek wil fiks word - ek hou daarvan om te oefen - Selfvertroue verbeter - ek hou van aksie - ek wil pret hê
Gill <i>et al.</i>	1983	Seuns (9-18jaar) en dogters (8-18 jaar) – (verskillende sportsoorte)	1138	Participation Motivation Questionnaire	- ek wil my sportvaardighede verbeter - ek wil by my vriende wees - ek hou daarvan om te wen - ek wil ontslae raak van my energie - ek hou daarvan om na oefeninge en kompetisies te ry
Gould <i>et al.</i>	1985	Seuns en dogters swemmers tussen 8 en 19 jaar	365	Participation Motivation Questionnaire	- ek wil pret hê - ek wil my liggaam ontwikkel - ek wil fiks word - ek wil my sportvaardighede verbeter - ek hou van spangees
Klint en Weiss	1987	Seuns en dogters wat aan gimnastiek deelneem. Tussen 8 en 16 jaar.	67	Motives for Participation Perceived Competence	- ek wil nuwe dinge leer - ek wil my liggaam ontwikkel - ek wil my sportvaardighede verbeter - ek wil pret hê - ek wil fiks word
Longhurst en Spink	1987	Seuns en dogters tussen 8 en 18 jaar Dogters: atletiek, swem, netbal Seuns: atletiek, swem, krieket, rugby.	404	Participation Motivation Questionnaire	- ek wil my sportvaardighede verbeter - ek wil fiks word - ek hou van kompetisie - ek hou van uitdagings
Weiss	1993	Seuns en dogters wat aan gimnastiek deelneem. Tussen 8 en 16 jaar.	80	Motives for Participation	- Genot - Sosiale verhoudings, fiksheid - Kompetisie

motiverings model. Hoewel navorsers die redes vir sportdeelname vanuit verskillende teoretiese raamwerke ontplooi het, is redelike vlakke van metodologiese konsekwentheid op die navorsingsterrein gehandhaaf.

Vanuit hierdie teorieë is vraelyste deur verskeie navorsers saamgestel en is navorsing studies geloods om te bepaal wat die belangrikste redes is wat individue motiveer om aan sport deel te neem. Vervolgens sal na enkele van die bevindinge van hierdie ondersoeke gekyk word.

2.3 VORIGE NAVORSING OOR DIE REDES WAT JEUGSPORTLUI MOTIVEER OM AAN SPORT DEEL TE NEEM

Uit die raamwerk van verskillende motiveringsteorieë het verskeie navorsers meetinstrumente saamgestel ten einde die motiewe vir sportdeelname te evalueer. In die literatuur oor motivering in sport is ten minste 37 skale gepubliseer wat handel oor oefeningsmotivering, en 20 skale oor sportmotivering (Ostrow, 1996:153). Heelwat van hierdie skale fokus op intrinsieke en ekstrasieke motivering, byvoorbeeld die "Motivation for Physical Activity Measure" (Frederick & Ryan, 1993:130), die "Exercise Motivation Scale" (Li, 1999:101), die "Sport Motivation Scale" (SMS) en die "Participation Motivation Questionnaire" (PMQ) (Gill *et al.*, 1983:8). Die PMQ is dan ook die vraelys wat in die onderhawige studie gebruik is, omdat dit spesifiek gerig is op jeugsportdeelname. Volgens Gill *et al.* (1983:8) was die doel van die aanvanklike studie wat tot die samestelling van die PMQ gelei het tweeledig, naamlik om die redes vir sportdeelname by jeuglui te ondersoek (op die beskrywende vlak) en om 'n meetinstrument saam te stel wat spesifiek op jeugsportlui gemik is. Verdere inligting oor die PMQ wat as meetinstrument in hierdie studie aangewend is, sal in die bespreking van die metode (in die artikels) weergegee word.

Tabel 1 is 'n opsomming van navorsing wat gedoen is met vraelyste wat vanuit die *motiveringsteorieë* ontwikkel is. In hierdie tabel word 'n samevatting gegee van ondersoeke wat gedoen is om die belangrikste redes te bepaal wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem. Die meeste vraelyste wat in hierdie studies gebruik is, het bestaan uit 20 tot 30 toetsitems, waarop die respondente moes aandui of dit as baie

belangrike, belangrike en minder belangrike redes vir hulle sportdeelname. Hieruit word die rangorde van belangrikheid van die onderskeie redes vir sportdeelname dan bepaal.

TABEL 1: SAMEVATTING VAN DIE 5 BELANGRIKSTE REDES WAT AANGEVOER WORD AS MOTIVERINGSREDES VIR SPORTDEELNAME

Navorsers	Jaar	Proefgroep	n	Vraelys	Rangorde van die eerste 5 belangrikste redes
Weick	1974	Studente (verskillende sportsoorte)	1785	Personal Needs Inventory	- ek wil pret hê - ek hou daarvan om te oefen - nuwe vriende te maak - ek wil my sportvaardighede verbeter - ek wil na 'n hoër vlak beweeg
Soudan en Everett	1981	Studente (verskillende sportsoorte)	909	Participation Motivation Questionnaire	- ek wil fiks word - ek hou daarvan om te oefen - Selfvertroue verbeter - ek hou van aksie - ek wil pret hê
Gill <i>et al.</i>	1983	Seuns (9-18jaar) en dogters (8-18 jaar) – (verskillende sportsoorte)	1138	Participation Motivation Questionnaire	- ek wil my sportvaardighede verbeter - ek wil by my vriende wees - ek hou daarvan om te wen - ek wil ontslae raak van my energie - ek hou daarvan om na oefeninge en kompetisies te ry
Gould <i>et al.</i>	1985	Seuns en dogters swemmers tussen 8 en 19 jaar	365	Participation Motivation Questionnaire	- ek wil pret hê - ek wil my liggaam ontwikkel - ek wil fiks word - ek wil my sportvaardighede verbeter - ek hou van spangees
Klint en Weiss	1987	Seuns en dogters wat aan gimnastiek deelneem. Tussen 8 en 16 jaar.	67	Motives for Participation Perceived Competence	- ek wil nuwe dinge leer - ek wil my liggaam ontwikkel - ek wil my sportvaardighede verbeter - ek wil pret hê - ek wil fiks word
Longhurst en Spink	1987	Seuns en dogters tussen 8 en 18 jaar Dogters: atletiek, swem, netbal Seuns: atletiek, swem, krieket, rugby.	404	Participation Motivation Questionnaire	- ek wil my sportvaardighede verbeter - ek wil fiks word - ek hou van kompetisie - ek hou van uitdagings
Weiss	1993	Seuns en dogters wat aan gimnastiek deelneem. Tussen 8 en 16 jaar.	80	Motives for Participation	- Genot - Sosiale verhoudings, fiksheid - Kompetisie

Navorsers	Jaar	Proefgroep	n	Vraelys	Rangorde van die eerste 5 belangrikste redes
Ryckman en Hamel	1993	Seuns en dogters wat aan georganiseerde skoolsportsoorte deelneem Gemiddelde ouderdom is 14.34 jaar.	123	Participation Motivation Inventory Social Desirability Scale	- ek wil my sportvaardighede verbeter - ek wil nuwe dinge leer - ek wil na 'n hoër sportvlak beweeg - ek hou van spangees - ek hou van spanwerk
Wang en Wiese-Bjornstal	1996	Seuns en dogters (verskillende skoolsporte) Ouderdomme, 7 tot 17jaar	465	Participation Motivation Inventory	- ek hou van aksie - my ouers/vriende wil hê ek moet aan sport deelneem - ek hou van spangees - ek wil my sportvaardighede verbeter - ek hou daarvan om deel te wees van 'n klub/span
Kirkby en Kolt	1999	Seuns- en meisie- gimnaste (ouderdomme tussen 8 en 15 jaar).	383	Participation Motivation Questionnaire	- ek wil my sportvaardighede verbeter - ek wil na 'n hoër sportvlak beweeg - ek wil fiks word - ek wil nuwe dinge leer - ek hou daarvan om te oefen
Kolt <i>et al.</i>	1999	Seuns- en meisiegimnaste tussen 8 en 15 jaar.	701	Participation Motivation Questionnaire	- ek wil my sportvaardighede verbeter - ek wil fiks word - ek wil nuwe dinge leer - ek hou van uitdagings - ek wil pret hê
Weinberg <i>et al.</i>	2000	Seuns en dogters tussen die ouderdomme 13-18 jaar	1472	Competitive Sport, Fitness/Exercise Questionnaire	- ek wil my liggaam ontwikkel - ek wil fiks word - ek wil pret hê - ek hou daarvan om te oefen - ek wil my sportvaardighede verbeter
Kolt en Capaldi	2001	Junior seuns- en meisie-tennispeleers(10-15 jaar)	428	Participation Motivation Questionnaire	- ek wil pret hê - ek wil fiks word - ek wil my sportvaardighede verbeter - ek hou daarvan om te oefen - ek hou van uitdagings

Uit studies wat motiewe of redes vir sportdeelname vanuit 'n *gesondheidsperspektief* ondersoek het, het die volgende faktore na vore gekom as belangrike redes vir deelname aan sport en fisieke aktiwiteit:

- Persoonlike vervulling (Martin, 1997:95)
- Ondersteuning van onderwysers en afrigters (Landers, 1979:145; Gregson & Colley, 1986:12; Martin & Dodder, 1991:117)
- Goeie gesondheid (Martin, 1997:96)

- Gewigsbeheer (Cash *et al.*, 1994:539; Dwyer, 1992:284; Flood & Hellstedt, 1991:159)
- Goeie ligamlike toestand (Soudan & Everett 1981:15)
- Belonings soos sportbeurse (Martin, 1997:96; Snyder & Spreitzer, 1983:4)
- Ontwikkeling van dissipline en vorming van die persoonlikheid (Martin, 1997:97)

Uit die onderskeie literatuurbevindinge blyk dit dus dat persone om verskillende redes sport beoefen en dat die rangorde van belangrikheid van persoon tot persoon en/of groep tot groep kan verskil. Die rangorde van belangrikheid van hierdie motiveringsredes vir sportdeelname kan egter ook deur ander faktore beïnvloed word soos ouderdom, geslag, ras, sosio-ekonomiese omstandighede en ouerondersteuning. Vervolgens word die literatuur aangaande hierdie faktore bespreek.

2.4 ANDER FAKTORE WAT SPORTDEELNAME KAN BEÏNVLOED

Individuele verskille by persone lei ook tot verskille in die onderskeie redes waarom persone aan sport deelneem. Persepsies van die voordele of motiewe van sportdeelname kan onder andere beïnvloed word deur aspekte soos ouderdom, geslag en ras (Duda & Tappe, 1989:246; Gill & Overdoff, 1994:96; Markland & Hardy, 1993:291; Mathes & Battista, 1985:720).

2.4.1 Ouderdom

Wankel en Kreisel (1985:53) het gevind dat jong sportlui meer intrinsiek as ekstrasiek gemotiveerd is oor hulle deelname aan sport. Kolt *et al.* (1999:391), Petlichkoff (1992:106) en Weinberg *et al.* (2000:327) is van dieselfde mening en stel dit ook dat die kompetisiemotief by jonger sportlui van minder belang is as by ouer deelnemers. Hierdie navorsers stel voor dat sportprogramme wat op kinders gerig is se fokus nie moet wees op die wenmotief nie, maar eerder op vaardigheidsontwikkeling. Brustad (1993:212) is ook van mening dat die fokus op vaardigheidsontwikkeling behoort te val en beklemtoon dat dit 'n belangrike komponent moet wees van alle jeugsportprogramme. Morris *et al.* (1996:283) vind ook dat jong deelnemers hoofsaaklik sport beoefen ter wille van genot en

die aanleer van nuwe vaardighede, terwyl ouer deelnemers gesondheid, fiksheid en ontspanning as belangriker beskou.

In die studie van Gould *et al.* (1985:128) op swemmers, is ook bevind dat ouderdomsverskille 'n effek het op die rangorde van motiewe vir sportdeelname. Vir die jonger swemmers was deelname ter wille van "goedkeuring van ouers of vriende" belangriker as vir die ouer swemmers. Hierdie navorsers het verder gevind dat die sosiale aspek van deelname soos om nuwe vriende te maak, of om by vriende te wees, vir die jonger kinders belangriker is as vir die ouer kinders word. Wankel en Kreisel (1985:53) het in hulle navorsing gevind dat, met toenemende ouderdom, daar 'n progressiewe verhoging in die belangrikheid van wen en status of erkenning vir die atleet is. Volgens Stern *et al.* (1990:90) is 'n goeie afrigter belangriker vir die jonger sportlui as vir die ouer deelnemer. In Stern *et al.* (1990:90) se studie het dit ook geblyk dat genot vir beide die jong en ouer sportdeelnemer van belang is. Populariteit blyk vir die middel-adolessent baie belangrik te wees (Stern *et al.*, 1990:90). Volgens Kolt en Capaldi (2001:11) is die volgende redes belangrike redes waarom jong kinders aan sport deelneem: spanwerk en spangees, om deel te wees van 'n klub, om belangrik te voel en pret te hê, belangrik vir die jonger deelnemer.

Die portuurgroep speel 'n belangrike rol in die lewe van die kind en adolessent en impliseer dat sportdeelname ook deur die portuurgroep beïnvloed sal word (Kandel, 1986:209). Dikwels begin deelname aan spesifieke sportsoorte weens die feit dat 'n vriend/in reeds aan die sportsoort deelneem. Verskeie studies het al aangedui dat sport 'n manier is om vriende te maak en/of te behou (Teisma & Silvennoinen, 1979:24; Wold & Kanna, 1993:288). Die genotaspek en die voordele van sosiale interaksie is volgens Weiss (1993:45) van die grootste motiveringsredes wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem.

2.4.2 Geslag

Verskeie navorsers het gevind dat geslagtelike verskille voorkom by die belangrikste faktore wat seuns en dogters motiveer om aan sport deel te neem (Gill *et al.*, 1983:9;

Gould *et al.*, 1985:129). Enkele van hierdie verskille/stellings wat in die literatuur gevind is, is as volg:

- kompetisie blyk vir dogters minder belangrik te wees as vir seuns (Duda & Tappe, 1989:246; Flood & Hellstedt, 1991:162; Gill, 1986:234; Gill & Overdorff, 1994:94; Gill *et al.*, 1996:308; Markland & Hardy, 1993:293; Mathes & Battista, 1985:721);
- dogters lê meer klem op vaardigheidsontwikkeling as seuns (Longhurst en Spink, 1987:26);
- seuns word in die algemeen meer gemotiveer deur ego-georiënteerde aspekte soos kompetisie of status,
- terwyl dogters weer meer deur taakgeoriënteerde aspekte soos samewerking, gesondheid en die aanleer van nuwe vaardighede gemotiveer word (Morris *et al.*, 1996:283);
- dogters is ook geneig om aan sport deel te neem ter wille van die voordele wat dit inhou vir die verbetering van die fisieke voorkoms terwyl kompetisie weer vir die manlike geslag belangriker is (Bem 1974:158).
- Seefeldt *et al.* (1978:111) vind dat seuns wat aan kompeterende sport deelneem se sosiale status verhoog.
- Volgens Martin (1997:98) aanvaar dogters dit ook meer geredelik dat hulle nie sporttalent het nie terwyl seuns moeiliker erken dat hulle nie talentvol is op die sportgebied nie. Dogters verskil ook van seuns ten opsigte van die belangrikheid van sportprestasie ter wille van status en aansien. Vir seuns is hierdie aspek van groter belang as by dogters (Gill *et al.*, 1983:9).
- Sapp en Haubenstricker (1978:3) vind ook dat die sosialiseringsaspek in sport 'n groter aantrekkingskrag vir die dogters het om aan sport deel te neem as wat dit die geval is by seuns.
- Shropshire en Carroll (1998:159) vind egter dat seuns oor die algemeen spansportsoorte verkies terwyl die dogters in die ondersoekgroep individuele sportsoorte verkies.
- Gould *et al.* (1985:133) het egter in hulle navorsing gevind dat, by adolessente seuns en dogters, die status-motief ewe belangrik is. Matteo (1986:48) spreek die mening uit dat daar minder geleenthede vir dogters is om aan sport deel te neem as vir seuns.

Verskeie navorsers is van dieselfde mening dat sport steeds in 'n groot mate die terrein vir die manlike geslag is (Hallinan *et al.*, 1990:173; Martin & Martin, 1995:288; Matteo, 1986:48; Messner, 1990:143; Peddersen & Kono, 1990:785; Snyder & Spreitzer, 1983:5).

Gewigsbeheer en verbeterde liggaamsvoorkoms is 'n sterk motivering vir sportdeelname by die vroulike geslag (Cash *et al.*, 1994:541; Frederick & Ryan, 1993:133; Clough *et al.*, 1989:96; Gill & Overdorff, 1994:91; Gill *et al.*, 1996:310; Markland & Hardy, 1993:290; Silberstein *et al.*, 1988:219). Hierdie aspekte is veral van groot belang by adolessente dogters (Cash *et al.*, 1994:542; Frederick & Ryan, 1993:135; Gill *et al.*, 1996:310). Alhoewel 'n aantreklike fisieke voorkoms vir beide geslagte belangrik is, plaas dogters 'n groter premie daarop (Garner *et al.*, 1980:484; Willis & Campbell, 1992:83).

Godin en Shephard (1986:47) het ook gevind dat seuns meer aktief is as dogters en dat ouers, veral die pa's, hul seuns meer ondersteun met betrekking tot sportdeelname as vir die dogters (Gottlieb & Chen, 1985:533). In 'n studie van Ross *et al.* (1987:90) wat op Amerikaanse jeug gedoen is, het dit duidelik geblyk dat pa's meer geneig is om saam met hulle seuns te oefen en na wedstryde te kyk, as saam met hulle dogters.

Volgens Butcher en Lindner (1999:160) is kompetisiedruk een van die belangrikste redes waarom dogters sportdeelname staak. Ewing en Seefeldt (1989:9) het dieselfde tendens gevind in hulle navorsing, en het aanbeveel dat afrigters hierdie aspek in ag moet neem sodat dogters hul sportbetrokkenheid wil voortsit.

2.4.3 Ras

In die literatuur oor ras en sportdeelname blyk dit dat kulturele verskille ook 'n rol speel in die motivering vir sportdeelname (Allison, 1982:172; 1988:249; Blanchard, 1974:10). Castro *et al.* (1985:165) en Kasl (1984:660) het betekenisvolle verskille in die frekwensie en intensiteit van deelname aan sport en fisieke aktiwiteit tussen kultuur- en rasgroepe gevind. Allison (1988:250) het ook gevind dat etnisiteit 'n belangrike faktor in die voorspelling van fisieke aktiwiteitspatrone is. Duda en Allison (1990:127) sê hieroor dat sportafrigters, onderwysers en persone wat met die beheer van sport te make het, daarvan bewus moet wees dat kultuur en etnisiteit 'n belangrike voorspeller is van fisieke

aktiwiteit en sportdeelname. Allison (1988:249) vind ook dat sekere etniese groepe verkies om aan bepaalde sportsoorte deel te neem en dat rasspesifisiteit in sekere sportsoorte soms as gevolg hiervan gevestig word.

Malina (1988:138) het verder in haar studie gevind dat daar ook verskille voorkom in die motoriese ontwikkelingspatrone van kinders van verskillende etniese en rasse-groepe. Rasse- en etniese verskille word veral gevind ten opsigte van die tipe sport waaraan deelgeneem word. Malina (1988:138) het in 'n studie wat in Amerika gedoen is, gevind dat die Afrika-Amerikaanse kind oor beter groot motories vermoëns beskik as blanke en Hispaanse kinders. Ten opsigte hiervan het navorsers gevind dat die potensiele invloed van sosiale ontwikkeling op motoriese ontwikkeling nie buite rekening gehou kan word nie (Malina, 1988:139). Sportsosioloë is ook van mening dat prestasieverskille tussen rasse ook beïnvloed kan word deur sosio-ekonomiese omstandighede (McPherson, 1975:962).

Daar kom ook verskille in die aktiwiteitsvoorkeure van rasse- en kultuurgroepe voor. Van Deventer (1998:92) vind dat swart sportlui meer groepsgeoriënteerd is en openbare ontspanningsfasiliteite gebruik terwyl blankes meer individualisties in hulle gedragpatrone is en buite-ontspanningsaktiwiteite verkies. Edwards (1973:192), wat navorsing oor ontspanningspatrone gedoen het, vind dat die swart deelnemer fisiese aktiwiteite verkies ten einde te kan ontspan, terwyl die blankegroep meer sedentêre vryetydsaktiwiteite verkies het.

Duda (1986:216) vind ook verskille ten opsigte van die doelorïentering by rasse- en kultuurgroepe. Volgens Duda is daar vier hoofdoel-klassifikasies, naamlik: taakoriëntasie, ego-oriëntasie, sosiale goedkeuring en groepsaamhorigheid. In navorsing wat deur Anshel (1990:239) en Duda (1983:77) gedoen is, het dit geblyk dat rasklassifikasie as sodanig nie gekoppel kan word aan doelbereiking nie, maar eerder die mate van betrokkenheid van rasgroepe by bepaalde aktiwiteite. Duda *et al.* (1992:315) is ook van mening dat doelorïentasie as 'n funksie van ras en etniese identiteit varieer, en dat waar etniese identiteit hoër is, hoër vlakke van taakoriëntasie gevind sal word.

2.4.4 Ouerbetrokkenheid

Ouers speel ook 'n belangrike rol in jeugsportbetrokkenheid, veral gedurende die vroeë en middelkinderjare waar ouers dikwels die rol van motiveerders en dikwels medeafrigters in die kind se lewe speel (Lewko & Greendorfer, 1998:285). Ouerondersteuning in sport dra by tot 'n positiewe selfbeeld by kinders, maar oormatige en te hoë verwagtings kan angstigtheid veroorsaak en kan lei tot negatiewe ervarings (Hoyle & Leff, 1997:236). Jeugsportlui met 'n hoë vlak van ouerondersteuning is geneig om meer genot in sportdeelname te ervaar en sien sportdeelname ook as 'n positiewe en belangrike deel van hul lewens (Van Deventer, 1998:99).

Van Deventer (1998:99) het 'n studie gedoen oor die persepsies van ouers oor hulle rol in die kind se sportdeelname. In hierdie ondersoek het dit geblyk dat blanke ouers medeverantwoordelikheid aanvaar, swart ouers van mening is dat die verantwoordelikheid vir sportafrigting by hulleself lê omdat daar geen georganiseerde sport in die tradisioneel swart skole is nie, terwyl kleurling ouers onverskillig staan teenoor hulle kinders se sportafrigting en deelname. Yan en Thomas (1995:40) het ook gevind dat in die meeste gemeenskappe in die VSA, die ouers verantwoordelik is vir die vervoer van hul kind na en van sportgeleenthede, terwyl swart kinders hoofsaaklik van publieke vervoer afhanklik is, en dat hulle deelname aan sport negatief hierdeur beïnvloed word.

Ouerondersteuning kan ook volgens Leff en Hoyle (1995:194) kinders motiveer tot sportdeelname en ook die sportprestasie beïnvloed (Scanlan & Lewthwaite, 1986:33). Feltz (1986:76) het in 'n studie wat op jeugtenisspelers gedoen is, gevind dat die kinders tennis as 'n las en verpligting sien en geen genot daaruit put nie, omdat die ouerdruk oormatig was. Martens en Seefeldt (1979:12) is ook van mening dat sigbare ouerondersteuning positief geassosieer word met kinders se genot in sportdeelname, terwyl ouerdruk negatief deur jeugsportlui ervaar word. In die studie van Hoyle en Leff (1997:236) is gevind dat, ten spyte van swak sportprestasie, spelers steeds genot put uit deelname as die ouer steeds positief ingestel is. Volgens Adler *et al.* (1982:1185) speel ouerondersteuning 'n kleiner rol by adolessentesportlui.

Sportdeelname dra ook by tot die kind se psigososiale ontwikkeling (Brustad, 1992:65; 1996:118; Greendorfer *et al.*, 1996:100) en die ouer se persepsie van die kind se fisieke en motoriese bedrewendheid vind ook neerslag in die kind se eie persepsie van sy/haar vermoëns. McCullagh *et al.* (1993:224) vind ook 'n verband tussen kinders se selfpersepsie en die ouers se persepsie van hulle kind se sportvermoëns. Harter (1978:51; 1981:16) stem hiermee saam en voeg by dat die verbale sowel as nie-verbale terugvoer wat die ouers gee oor die kind se sportprestasie, die kind se siening van sy eie potensiaal beïnvloed. Biddle en Goudas (1996:76) en Brustad (1996:114) stel dit dat die voorbeeld wat ouers deur hulle eie sportdeelname stel, ook 'n groot rol speel by die kind se ingesteldheid teenoor sport. Kirk *et al.* (1996:73) vind ook dat die hoeveelheid tyd wat ouers aan die kind se sport afstaan, tesame met die emosionele ondersteuning, die skep van geleenthede vir deelname en die beskikbaarheid van geldelike hulp 'n rol speel by die kind se ingesteldheid jeens sport.

Ouerondersteuning beïnvloed nie net die kind se sportervarings en -prestasies nie, maar ook sy persoonlikheidontwikkeling, aldus Smith en Smoll (1996:302). Sportdeelname kan bydra tot die ontwikkeling van verskeie persoonseienskappe, en ouerondersteuning speel hierin 'n betekenisvolle rol (Brown & Francis, 1993:387; McEwin & Dickinson, 1996:217; Smith & Smoll, 1996:302).

Die ondersteunende en nie-inmengende ouer sien prestasie teen die agtergrond van die kind se vermoëns en die inset ten opsigte van oefening, en meet sukses nie net in terme van die finale produk nie (Smith & Smoll, 1996:303). Kinders wat dit geniet om aan sport deel te neem, het meestal ouers wat ondersteun en aanmoedig, eerder as om die klem op prestasie te plaas (Hopper & Jeffries, 1990:19). Wanneer ouerliefde en ondersteuning afhang van die prestasie, kan sportdeelname vir die kind stresvol raak (Smith & Smoll, 1996:303). Sommige ouers is vinnig om te kritiseer en stadig om te prys, wat kan lei tot emosionele druk op kinders om bo hul vermoëns te presteer (Hopper & Jeffries, 1990:19; Smith & Smoll, 1996:303). Hierdie stressors wat deur ouers veroorsaak word, is 'n groot rede waarom jeug hulle deelname aan sport staak (White, 1998:22). Wanneer die wenmotief in perspektief gehou word deur die kind se belange eerste en wen tweede te plaas, word 'n gesonde milieu vir jeugsport geskep (Hopper & Jeffries, 1990:19).

Volgens Brown (1985:117) hou die ondersteuning van die ouers, vriende en spanmaats ook verband met die volhouding van deelname aan georganiseerde kompeterende sport. Greendorfer en Lewko (1978:147) het gevind dat by beide seuns en dogters die pa's en portuurgroep die belangrikste sosialiseringssagente vir sportbetrokkenheid is. Gottlieb en Chen (1985:534) se navorsing vind dat ouers se voorbeeld van selfdeelname aan sport, een van die sterkste bepalers is vir deelname van die kinders. Patrickson (1981:29) het ook gevind dat die effek van 'n positiewe omgewing jeens sport (ouers en portuurgroep) kompetisiegemotiveerdheid van beide seuns en dogters versterk. Hierteenoor kan oormatige druk, onrealistiese verwagtings van ouers, negatiewe interaksies met spanmaats, persepsie van swak vermoëns en vrees vir mislukking lei tot negatiewe ervarings en uiteindelik staking aan sportdeelname (Gould *et al.*, 1993:288).

2.4.5 Samevatting

Uit die bespreking van bostaande literatuur oor die redes wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem, is gevind dat navorsers uit verskillende raamwerke redes vir sportdeelname bestudeer, maar dat die meeste teorieë intrinsiek-ekstrinsieke motivering as uitgangspunt het. Verder blyk dit uit verskeie studies dat sekere redes/motiewe vir deelname bestaan wat belangriker is as ander. Ouderdom, geslag, ras en ouerbetrokkenheid speel ook 'n rol by die redes wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem.

Volgens bostaande literatuur blyk dit dat adolessente sportdeelname staak wanneer die waarde of voordele van sportbeoefening nie meer ingesien word nie. Daarom moet doelbewuste pogings aangewend word om jeugsportlui te motiveer om nie net te begin deelneem nie, maar so lank as moontlik sportdeelname voort te sit. In 'n poging om langtermyn- sportbetrokkenheid te bewerkstellig, is dit nodig om redes wat jeug motiveer om aan sport deel te neem, te bestudeer en die aanbieding en programme so te struktureer dat dit aan die verwagtings van die jeugsportlui sal voldoen.

Ten spyte van die welbekende voordele verbonde aan sportdeelname, is daar egter ook jeug wat nooit aan sport deelneem nie of diegene wat net 'n kort tydjie aan sport deelneem en dit dan staak. Om jeugsportdeelname volledig te ondersoek, is dit ook nodig om faktore wat die jeug verhoed om aan sport deel te neem of wat negatief op

sportdeelname inwerk, te ondersoek. Vervolgens 'n literatuurbespreking van faktore wat spordeelname by die jeug kan inhibeer.

2.5 HINDERNISSE WAT JEUGSPORTDEELNAME KAN BEPERK OF UITSLUIT

2.5.1 Begripsontleding

Jackson (1991:7) en Jackson en Henderson (1995:32) verwys na struikelblokke wat aktiwiteitsdeelname kan strem of verhinder as *beperkinge* of *hindernisse*. Volgens Shaw *et al.* (1991:287) sluit hierdie beperkinge of hindernisse interne (persoonlike kennis, vaardighede en gesondheid) en eksterne (hulpbronne soos tyd, finansies, vervoer en fasiliteite) beperkinge of hindernisse in. Jackson (1991:7) beskryf hindernisse tot sport en vryetydsaktiwiteite voorts as 'n subjektiewe ervaring van individue wanneer beperkinge hulle vermoëns strem om aan 'n aktiwiteit van hulle keuse deel te neem. In die res van die bespreking sal daar na beide terme *beperkinge* en *hindernisse* verwys word met die veronderstelling dat dit dieselfde betekenis het en dit die vertaling is van die Engelse woord "constraints".

Sosio-ekonomiese status kan volgens verskeie navorsers sportdeelname negatief beïnvloed (Dowling *et al.*, 1997:5; Jackson en Henderson, 1995:47; Kay & Jackson, 1991:303). Volgens Shaw *et al.* (1991:288) wil dit voorkom of sosiale strukture individue se keuses en persepsies ten opsigte van rykdom, mag en opvoeding kan beïnvloed. Verder vorm die sosiale posisie van 'n individu 'n belangrike skakel met deelname aan fisieke aktiwiteit (Henderson *et al.*, 1989:100). Cauley *et al.* (1991:349) vind dat individue met 'n hoër sosio-ekonomiese status 'n 50%-60% groter geneigdheid tot deelname aan sportaktiwiteite toon. Volgens Jackson en Henderson (1995:47) kan die sosio-ekonomiese status 'n rolspeler wees wat hindernisse tot sport en vryetydsdeelname kan beïnvloed deurdat sosio-ekonomiese status die waarneming van sekere tipes hindernisse tot sport of vryetydsdeelname kan versterk of verlig. Verder kan sosio-ekonomiese status ook as 'n hindernis dien, deurdat 'n lae sosio-ekonomiese status 'n individu se keuse ten opsigte van vryetydsaktiwiteite kan beperk (Dowling *et al.*, 1997:5). Kay en Jackson (1991:303) het in hulle studie gefokus op die rol van finansies

op sportdeelname en volgens hierdie navorsing speel finansies 'n groot rol by die staking van sportdeelname. Jones en Jones (1997:4) voer ook aan dat persone uit 'n laer sosio-ekonomiese status meer geneig is tot onaktiwiteit as gevolg van hindernisse soos die gebrek aan toegang tot publieke oefenfasiliteite, die onvermoë om private fasiliteite te bekostig en die gevoel van onveiligheid om buite te oefen.

Sosio-ekonomiese status oefen dus 'n belangrike invloed uit op 'n persoon se lewenstyl en dus ook op die deelname aan of weerhouding van sport en vryetydsaktiwiteite.

2.5.2 Konseptualisering van beperkinge of hindernisse tot aktiwiteitsdeelname

Volgens Edginton *et al.* (1998:439) word mense se deelname aan aktiwiteite oor die algemeen beperk deur onder andere hulle fisieke omgewing (interne kragte) en sosiale omgewing (eksterne kragte) sowel as hulle psigologiese beperkinge. In teenstelling hiermee stel Crawford *et al.* (1991:314) beperkinge of hindernisse tot sport of fisieke aktiwiteite voor as 'n meer spesifieke samestelling van drie hoofdimensies, naamlik gebrek aan belangstelling, vorige hindernisse en strukturele/ingrypende hindernisse. Hierdie hindernisse is interverwant, interafhanklik en beïnvloed aktiwiteitsvlakke in verskillende stadiums van deelname. Hindernisse of beperkings op aktiwiteitsdeelname kan dus volgens 'n sekere struktuur georganiseer en geïntegreer word (Crawford *et al.*, 1991:314). Volgens hierdie model is 'n aanvanklike hindernis of beperking dit wat hoofsaaklik die voorkeur of keuse van die aktiwiteit beïnvloed. Daaropvolgende hindernisse het egter 'n invloed op deelname aan sodanig gekose aktiwiteit (Raymore *et al.*, 1994:102). Vervolgens gaan hierdie beperkinge of hindernisse wat sportdeelname kan belemmer, volgens die struktuur van Crawford *et al.* (1991:314), in meer besonderhede bespreek word.

2.5.2.1 Hiërargie van hindernisse tot sport- en vryetydsdeelname

2.5.2.1.1 Gebrek aan belangstelling

Nie alle persone het 'n behoefte daaraan om aan sport en fisieke aktiwiteite deel te neem, of die deelnamevlak van 'n bestaande aktiwiteit te verhoog nie (Crawford *et al.*, 1993:6). Gebrek aan belangstelling alleen kan deelname verhinder, maar daar moet in gedagte gehou word dat 'n individu se belangstelling ook beïnvloed kan word deur vorige hindernisse. Dowling *et al.* (1997:5) beweer dat vorige hindernisse soos moontlike teistering of vervoerprobleme ook 'n gebrek aan belangstelling kan meebring onder individue wat meen dat dit nie binne hulle vermoë lê om die hindernisse te oorkom nie. Gebrek aan belangstelling gaan ook gepaard met 'n lae motiveringsvlak. Individue met goeie motoriese vermoëns wat gevolglik talentvol is op sportgebied, is gewoonlik meer gemotiveerd om hul sportvaardighede te verbeter of nuwe vaardighede aan te leer as diegene met die persepsie dat hulle nie talentvol is nie. Klint en Weiss (1987:58) is ten opsigte hiervan ook van mening dat deelnemers met goeie fisieke vermoëns sport as 'n platform vir demonstrasie van hul eie vaardighede beskou terwyl individue wat minder talentvol is, bang is om swak te vertoon of verneder te word tydens kompetisies en gevolglik deelname staak.

2.5.2.2 Vorige hindernisse

Soos reeds genoem, is vorige hindernisse 'n samestelling van intrapersoonlike hindernisse en interpersoonlike hindernisse.

2.5.2.2.1 Intrapersoonlike hindernisse

Intrapersoonlike hindernisse of beperkinge word in die literatuur gedefinieer as individuele, psigologiese eienskappe binne 'n individu wat aktiwiteitsvoorkeure/-keuses kan beïnvloed (Crawford & Godbey, 1987:122). Kenmerkende psigologiese eienskappe is onder andere:

Psigologiese status (Edginton *et al.*, 1998:439): dit verklaar watter interaksie met vryetydsaktiwiteite verkies word, eerder as om die voorkeur van aktiwiteite te beïnvloed,

byvoorbeeld stres, depressie, angs, familie, vriende en houdings, persoonlike gesondheidsrede, hou nie van die afrigter nie, 'n gebrek aan selfmotivering en ander sosiale verwagtinge.

Houdingsbeperkinge: dit verwys na die wanopvattinge oor faktore wat deelname verhinder, byvoorbeeld 'n persoon dink hy moet atleties wees om aan sport te kan deelneem. Navorsers is van mening dat hierdie negatiewe houdings teenoor sportdeelname veral by individue met swak gesondheid voorkom (Edginton *et al.*, 1998:439; Finch, 1997:41; Siegenthaler, 1996:21).

Sosiale beperkinge: dit verwys na beperkinge wat verband hou met ras, sosiale, ekonomiese en kulturele faktore (Edginton *et al.*, 1998:439; Finch, 1997:41)

Gesondheidsbeperkinge: vir sommige aktiwiteite is gesondheid en fiksheid 'n vereiste (Finch, 1997:41; Edginton *et al.*, 1998:439).

Ander intrapersonlike beperkings is onder andere religieusiteit en persepsie van persoonlike bekwaamheid (Raymore *et al.*, 1994:102).

2.5.2.2.2 Interpersoonlike beperkings of hindernisse

Interpersoonlike beperkings/hindernisse word gedefinieer as al daardie beperkings/hindernisse wat ontstaan as gevolg van onder andere sosiale interaksie met vriende, familie en ander (Jackson & Scott, 1999:308). Hierdie beperkinge kom gewoonlik na vore as die individu op 'n tipe aktiwiteit besluit het voordat hy/sy aktief daaraan begin deelneem. Die oorsprong van hierdie tipe beperking of hindernis is interpersoonlik van aard en ontstaan as gevolg van konflik, byvoorbeeld:

Interpersoonlike interaksie (konflik): dit vind plaas wanneer die persoon byvoorbeeld nie 'n geskikte maat kry om aan aktiwiteite mee deel te neem nie en gevolglik aktiwiteite staak (Finch, 1997:41).

Ervaringsbeperkinge: 'n gebrek aan vorige ervaring of blootstelling aan sport kan 'n beperking wees. Mense sal eerder aan bekende aktiwiteite deelneem (Finch, 1997:41).

Akkomodering van ander (Jackson & Scott, 1999:308), byvoorbeeld familieverantwoordelikhede.

2.5.2.3 Strukturele/ingrypende beperking

Strukturele hindernisse is volgens Crawford en Godbey (1987:123) daardie faktore wat intree tussen die keuse van aktiwiteite en deelname aan die aktiwiteit. Hierdie hindernisse inhibeer dus die deelname nadat voorkeur vir 'n aktiwiteit alreeds ontstaan het. Volgens Crawford en Godbey (1987:123) is strukturele hindernisse ook die mees algemene tipe beperking of hindernis. Strukturele beperkings/hindernisse bestaan ook uit 'n kombinasie van interne en eksterne beperkings. Vervolgens word dit verder uiteengesit.

Interne hindernisse: Voorbeelde hiervan is 'n persoon se persepsie van persoonlike bekwaamheid, kapasiteit, kennis van geleenthede en belangstelling in die aktiwiteit (Henderson *et al.*, 1989:118).

Eksterne hindernisse: Dit ontstaan as gevolg van eksterne situasie is gewoonlik fisieke omstandighede wat fasiliteit-, hulpbron- en diensgedrewe is (Henderson *et al.*, 1989:118; Edginton *et al.*, 1998:439). Voorbeelde is: klimaat, misdaad, vervoer, kennis van geleenthede, te min tyd, ontoeganklikheid tot fasiliteite en finansies.

2.5.3 Ander literatuurbevindinge oor beperkinge/hindernisse tot sportdeelname

Verskeie ander studies is ook gedoen oor die beperkinge of hindernisse wat sportdeelname negatief kan beïnvloed wat Crawford *et al.* (1991:314) se bevindinge ondersteun en aanvul. Hieruit blyk dit dat die belangrikste redes wat sportdeelname kan beperk of tot staking van sportdeelname lei, die volgende is:

- Afwesigheid van genot (Ewing & Seefeldt, 1989:9; Weiss, 2000:6)
- Te min tyd (Caroll & Alexandris, 1997:280; Weiss, 2000:7)
- Swak verhoudings met die afrigter (Butcher & Lindner, 1999:158; Martin, 1997:96).
- Beserings (Butcher & Lindner, 1999:158; Martin, 1997:96)
- Swak gesondheid (Weiss, 2000:60)
- Ander verpligtinge (Butcher & Lindner, 1999:158)
- Akademiese verpligtinge (Butcher & Lindner, 1999:158)
- Geen ondersteuning van ouers nie (Whitehead & Corbin, 1991:226)
- Oormatige druk (Butcher & Lindner, 1999:159)

- Swak onderliggende motoriese vermoëns (Martin, 1997:96; Nicholls, 1984:332)
- Geen belangstelling en motivering nie (Caroll en Alexandris, 1997:280; Ewing & Seefeldt, 1989:9; Klint & Weiss, 1987:58)
- Konflik van belangtellings en belangtellings in ander nie-sportgerigte aktiwiteite (Gould, 1987:67)
- Gebrek aan geleentheid vir sukses (Martin, 1997:96).
- Verskuiwing van belangtellings (Martin, 1997:96)
- Negatiewe ervarings op die sportterrein het vroeë staking aan sportdeelname tot gevolg (Ball, 1976:731; Martin, 1997:96; Weiss, 2000:6).
- Huishoudelike verpligtinge (Kay & Jackson, 1991:306)

Caroll en Alexandris (1997:280) kom tot die gevolgtrekking dat individuele persepsies oor faktore wat sportdeelname negatief kan beïnvloed, effektief gebruik kan word om vooruitskattings te doen of 'n persoon aan sport gaan deelneem, al dan nie. Hierdie studie vind ook dat 'n persoon se motiveringsvlakke 'n belangrike invloed kan uitoefen op die individu se persepsie van die faktore wat beperkings op sportdeelname kan plaas. Hierdie navorsers is ook van mening dat hoogs gemotiveerde sportlui nie faktore wat 'n beperking op sportdeelname kan plaas as redes sien om te staak nie, maar faktore is wat oorkom moet word. Jackson *et al.* (1993:10) stel dit ook dat sportdeelname gewoonlik nie gepaard gaan met die afwesigheid van beperkings nie maar dat gemotiveerde sportlui hierdie faktore positief benader en dit oorkom. Volgens Van der Merwe (1998:64) is dit duidelik dat individue wat oor goeie lewenstyleienskappe beskik, ook diegene is wat hoogs aktief is.

Opsommend kan gesê word dat verskeie hindernisse bestaan wat deelname aan sport en vryetydsaktiwiteite kan strem. Hindernisse het die vermoë om deelname sowel as voorkeur/keuse van aktiwiteit te beïnvloed. Hindernisse kan volgens 'n bepaalde struktuur georganiseer en geïntegreer word, en die uitgangspunt wat in hierdie studie gevolg is, is die struktuur van Crawford *et al.* (1991:315). Volgens hierdie struktuur word hindernisse gesien as 'n spesifieke samestelling van drie hoofdimensies, naamlik gebrek aan belangstelling, vorige hindernisse en strukturele hindernisse.

2.6 SAMEVATTING

Die literatuurstudie het eerstens ten doel gehad om bestaande navorsing wat betrekking het op motiveringsredes vir deelname, te ondersoek. Hieruit het dit geblyk dat navorsers die motiveringsredes vir sportdeelname vanuit verskillende teoretiese raamwerke bestudeer. Die bekendstes hiervan in die sportmilieu is die kompetisieteorie, die prestasie-doel-georiënteerde teorie en die prestasie-motiveringsteorie/selfdetermineringsteorie (intrinsiek-ekstrinsieke teorie). Hierdie benadering is gebaseer op redes wat individue motiveer om 'n sekere gedrag te inisieër, en is gebaseer op die intrinsieke-ekstrinsieke model. Die motiveringsteorie fokus ook op die drie belangrikste psigologiese behoeftes wat 'n rol speel by menslike gedrag, naamlik outonomie, bevoegdheid en samehörigheid.

Daar is ook gefokus op ander faktore wat jeugsportdeelname kan beïnvloed, soos ouderdom, geslag en ras. Hieroor is gevind dat hierdie aspekte wel 'n rol kan speel by motivering vir sportdeelname by die jeug. Portuurgroepinvloed speel 'n belangrike rol by die kind en adolessent se frekwensiesportdeelname asook die tipe sport waaraan hy deelneem. Dit het ook geblyk dat die kompetisiemotief van minder belang is by jonger sportlui, wat beteken dat die sportprogramme vir jonger kinders se fokus nie op die wenmotief moet wees nie maar eerder op die ontwikkeling van vaardighede. Geslag het ook geblyk 'n effek op jeugsportdeelname te hê. Verskille wat by geslag voorgekom het was veral dat dogters meer taakgeoriënteerd is en deelneem vir die genot daarvan, vir die ontwikkeling van vaardighede, vir gewigsbeheer en vir verbeterde liggaamsvoorkoms. Seuns, aan die ander kant, is ego-georiënteerd, wat beteken dat hulle deelneem ter wille van kompetisie of status. Literatuur oor sportdeelname en rasse- en kultuurgroepe het ook getoon dat dit nog 'n faktor is wat sportdeelname kan beïnvloed.

In die tweede gedeelte van die literatuurbespreking is gekyk na hindernisse wat sportdeelname negatief kan beïnvloed. Hierdie hindernisse of struikelblokke wat sportdeelname kan beperk of verhoed, is volgens die struktuur van Crawford *et al.* (1991:315) uiteengesit en spesifieke hindernisse of beperkinge wat sportdeelname kan beïnvloed, is geïdentifiseer. 'n Verklaring vir individue se gebrekkige deelname aan aktiwiteite, is dat sekere individue 'n gebrek aan belangstelling toon, dat ander individue

alreeds 'n gewenste vlak van deelname bereik het, terwyl nog ander individue deur hindernisse gekortwiek word.

Teen die agtergrond van hierdie literatuurstudie word die resultate van die ondersoek in die volgende hoofstuk aangebied.

2.7 BIBLIOGRAFIE

ADLER, R., BONGAR, B. & KATZ, E.R. 1982. Psychogenic abdominal pain and parental pressure in childhood athletics. *Psychosomatics*, 23:1185-1186.

AJZEN, I. 1985. From intentions to actions: a theory of planned behaviour. (In Kuhl, J. & Beckmann, J., eds. *Action control: from cognition to behaviour*. New York : Springer-Verlag. p. 11-39.)

AJZEN, I. 1991. The theory of planned behaviour: some unresolved issues. *Organizational behaviour and human decision processes*, 50:179-211.

AJZEN, I. & FISHBEIN, M. 1980. Understanding attitudes and predicting social behavior. Englewood Cliffs, NJ : Prentice-Hall. 278 p.

ALLISON, M.T. 1982. Sport, ethnicity, and assimilation. *Quest*, 34:165-175.

ALLISON, M.T. 1988. Breaking boundaries and barriers: future directions in cross-cultural research. *Leisure sciences*, 10:247-259.

ANSHEL, M.H. 1990. Perceptions of black intercollegiate football players: implications for the sport psychology consultant. *Sport psychologist*, 4:235-248.

ARMSTRONG, N. & MCMANUS, A. 1994. Children's fitness and physical activity: a challenge for physical education. *British journal of physical education*, 25:20-26.

d=0.2 klein effek; d=0.5 medium effek*; d=0.8 groot effek en prakties betekenisvolle verskille** (Steyn, 1999)

Uit Tabel 3 blyk dit duidelik dat geslag nie 'n belangrike effek het op die redes waarom die ondersoekgroep aan sport deelneem nie. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met ander navorsing (Gill *et al.*, 1983; Gould *et al.*, 1985; Longhurst & Spink, 1987). Slegs by faktor 5 (kompetisie/uitdagings) was daar 'n prakties betekenisvolle verskil, waar die kompetisie/uitdagingselement 'n groter motiveringsrede vir seuns as vir dogters was. Uit ander studies het dit ook geblyk dat die kompetisie/uitdagingselement 'n groot verskil tussen seuns en dogters se motiveringsredes vir sportdeelname is (Gould *et al.*, 1985; Kolt & Capaldi, 2001).

Die feit dat die leerlinge van hierdie ondersoekgroep aan verskeie skoolsportsoorte deelneem en dat die deelname op 'n lae kompetisievlak is (slegs skoolvlak) kon moontlik 'n rol gespeel het waarom daar so min geslagtelike verskille by die ander faktore was.

TABEL 4: DIE VERBAND TUSSEN RAS EN SPORTDEELNAME

Veranderlikes	Ras	n	Gem	SA	d
Faktor 1 Avontuur/genot	Swart	151	2.3928	0.4372	S/W=0.49*, S/K=0.06, S/I=0.58* W/K=0.07, W/I=0.70* K/I=0.76*
	Wit	159	2.6049	0.3598	
	Kleurling	116	2.3663	0.3679	
	Indiër	48	2.6444	0.3220	
Faktor 2 Erkenning/prestasie	Swart	151	2.4935	0.5069	S/W=0.50*, S/K=0.46, S/I=0.33 W/K=0.07, W/I=0.10 K/I=0.04
	Wit	159	2.2174	0.5519	
	Kleurling	116	2.2563	0.5153	
	Indiër	48	2.2840	0.6398	
Faktor 3 Spangees/affiliasie	Swart	151	2.5414	0.3992	S/W=0.27, S/K=0.32, S/I=0.04 W/K=0.03, W/I=0.22 K/I=0.25
	Wit	159	2.4242	0.4296	
	Kleurling	116	2.4130	0.4060	
	Indiër	48	2.5220	0.4390	
Faktor 4 Vaardigheid/fisieke voorkoms	Swart	151	2.6722	0.3618	S/W=0.74*, S/K=0.39, S/I=0.24 W/K=0.38, W/I=0.52* K/I=0.16
	Wit	159	2.3779	0.3984	
	Kleurling	116	2.5310	0.3449	
	Indiër	48	2.5866	0.3142	
Faktor 5 Kompetisie/uitdagings	Swart	151	2.6445	0.3893	S/W=0.06, S/K=0.13, S/I=0.11 W/K=0.08, W/I=0.17 K/I=0.26
	Wit	159	2.6212	0.3718	
	Kleurling	116	2.5929	0.3541	
	Indiër	48	2.6862	0.3104	

d=0.2 klein effek; d=0.5 medium effek*; d=0.8 groot effek en prakties betekenisvolle verskil** (Steyn, 1999)

In Tabel 4 word die effek van ras op redes vir sportdeelname aangedui. By faktor 1 (avontuur/genot) het die Indiër-leerlinge van die ander leerlinge met 'n matige effek verskil. Die Indiër-leerlinge het die vrae wat onder faktor 1 geklassifiseer is: *pret; aksie; opwinding; hou daarvan om besig gehou te word; met nuwe mense kennis te maak; by vriende te wees en om uit die huis te kom* oor die algemeen hoër gerang, dus is hul deelname aan sport eerder ter wille van die avontuur en genot daarvan. By faktor 2 (erkenning/prestasie) het swart leerlinge ook met 'n matige effek van wit leerlinge verskil. Uit die analise van die individuele vrae het dit geblyk dat redes *soos hou daarvan om te wen; hou van beloning; hou daarvan om belangrik te voel; hou daarvan om raakgesien te word/erkenning te kry en om populêr te wees*, vir die swart leerling as belangriker redes vir sportdeelname geag word as vir die wit leerlinge. Dit wil dus voorkom of sportdeelname vir die swart leerlinge 'n geleentheid vir prestasie en erkenning is, terwyl die wit leerlinge wat aan die studie deelgeneem het, in 'n mindere mate sport vir erkenning/prestasie beoefen het.

By faktor 3 (spangees/affilasie) is geen prakties beduidende verskille tussen die rassegroepe gevind nie. By faktor 4 (vaardigheid/fisieke voorkoms) was daar verskille (matige effek) tussen die wit en swart leerlinge en tussen die wit en Indiër-leerlinge. In die ontleding van die individuele vrae het dit geblyk dat die swart leerlinge *sportvaardigheidsverbetering* eerste gerang en die Kleurling-leerlinge dit negende gerang het, terwyl die wit leerlinge dit sestiende gerang het. "Ek wil na 'n hoër sportvlak beweeg", het die swart leerlinge vierde en die Kleurling-leerlinge agtste gerang terwyl die wit leerling dit as agtiende belangrikste rede gerang het. 'n Moontlike verklaring vir hierdie variasies kan moontlik wees dat die blanke leerlinge waarskynlik van jongs af meer geleenthede gehad het om aan sport deel te neem, teenoor die ander bevolkingsgroepe, en dat, om hulle sportvaardighede te verbeter, dus nie meer so 'n belangrike rede vir hul sportdeelname is nie. By faktor 5 (kompetisie/avontuur) is geen prakties betekenisvolle verskille tussen die rassegroepe gevind nie.

In totaliteit gesien, het ras dus wel 'n medium effek gehad op die ondersoekgroep se redes vir sportdeelname. Hierdie resultate is in ooreenstemming met ander studies (Van Deventer, 1998; Weinberg *et al.*, 2000). Dit wil egter voorkom of die leerlinge van al die rasse-groepe positief ingestel is teenoor sport. Die prakties betekenisvolle verskille wat by faktor 4, tussen swart en wit deelnemers voorgekom het, kan moontlik daarop dui dat sportgeleenthede en prestasie reeds in die blanke kultuur gevestig is, terwyl die swart deelnemers groter behoefte daaraan het om sport vir prestasie, erkenning en moontlik ook as middel tot opheffing uit swak lewensomstandighede, te beoefen.

In Tabel 5 word die verband van ouderdom met die onderskeie faktore voorgestel. Die ouderdomverspreiding is in twee groepe verdeel, naamlik 'n junior groep (13 en 14 jariges) en 'n senior groep (15,16,17 en 18 jariges).

TABEL 5: DIE VERBAND TUSSEN OUDERDOM EN SPORTDEELNAME

Veranderlikes	Ouderdom	n	Gem	SA	d
Faktor 1	Junior	126	2.5407	0.3917	0.1414
Avontuur/genot	Senior	330	2.4853	0.3870	
Faktor 2	Junior	126	2.3300	0.5397	0.0400
Erkenning/prestasie	Senior	330	2.3078	0.5561	
Faktor 3	Junior	126	2.5158	0.4069	0.1539
Spangees/affiliasie	Senior	330	2.4517	0.4164	
Faktor 4	Junior	126	2.5858	0.3538	0.1946
Vaardigheid/fisieke voorkoms	Senior	330	2.5129	0.3746	
Faktor 5	Junior	126	2.6287	0.3563	0.0221
Kompetisie/uitdagings	Senior	330	2.6367	0.3612	

$d=0.2$ klein effek; $d=0.5$ medium effek*; $d=0.8$ groot effek en prakties betekenisvolle verskil** (Steyn, 1999)

Uit Tabel 5 blyk dit ook dat geen prakties betekenisvolle verskille voorgekom het tussen die redes vir sportdeelname en die onderskeie ouderdomsgroepe nie. Ouderdom het dus nie 'n betekenisvolle rol gespeel in die belangrikheid van die redes waarom hierdie ondersoekgroep aan sport deelneem nie. 'n Moontlike verklaring kan wees dat daar nie so 'n groot ouderdomsverskil was tussen die deelnemers nie (14 tot 18 jaar).

GEVOLGTREKKINGS

Die eerste doel van die studie was om spesifieke redes te identifiseer wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem. 'n Rangorde van belangrikheid is bepaal en die vyf belangrikste redes was: ek hou daarvan om iets te doen waarin ek goed vaar; ek wil my liggaam ontwikkel; ek hou van spanwerk; ek wil nuwe dinge aanleer en ek hou daarvan om nuwe mense te ontmoet. Wanneer hierdie redes vanuit 'n ontwikkelingsperspektief beskou word, is dit duidelik waarom hierdie redes vir die hoërskoolleerlinge, wat in die adolessente fase is, van belang is. Die adolessent ondergaan fisiese veranderinge tydens puberteit, seksuele volwassenheid word bereik, en verandering vind plaas op die gebied van kognitiewe vermoëns, sosiaal-emosionele groei en sosiale konteks (Brooks-Gunn & Reiter, 1990). Omdat die adolessent nog besig is om 'n eie identiteit te ontwikkel, sal dit vir hom belangrik wees om aan aktiwiteite deel te neem waarin hy goed vaar. Om die liggaam te ontwikkel, is 'n verdere belangrike faset vir die adolessent omdat aanvaarding en goedkeuring van dieselfde, asook teenoorgestelde, geslag in hierdie ontwikkelingsstadium baie belangrik is. Hierdie rede verklaar ook waarom spanwerk en om nuwe mense te ontmoet, vir hierdie groep belangrik is.

Ten tweede is 'n faktoranalise onderneem om uit die 30 toetsitems, spesifieke faktore of kategorieë wat sportdeelname kan beïnvloed, te klassifiseer. Uit 'n geroteerde transformasie is 6 faktore geklassifiseer, naamlik avontuur/genot, erkenning/prestasie, spangees/affiliasie, vaardigheid/fisieke voorkoms, kompetisie/uitdagings en energieontlading. Deur middel van t-toetse is bepaal of geslag, ras en ouderdom 'n effek het op die geïdentifiseerde faktore (wat saamgestel is uit die redes vir sportdeelname soos in Tabel 1 uiteengesit). Resultate uit die faktorontleding het getoon dat daar nie 'n betekenisvolle verskil was tussen die seuns en dogters se siening van die belangrikheid van die redes wat hulle motiveer vir sportdeelname nie, behalwe by die kompetisie-/avontuur-faktor. Die seuns was meer kompetisie-/avontuurgerig as die dogters. Hierdie bevinding impliseer dat sportprogramme en aktiwiteite op basies dieselfde wyse ontwikkel en aangebied kan word, maar met die groot verskil dat seuns se programme meer avontuur en uitdagingselemente moet bevat.

Hoewel ras 'n effek gehad het op die redes vir sportdeelname, was dit nie prakties betekenisvol nie. Daar was enkele verskille met 'n matige effek by faktor 1 (avontuur/genot) waar dit geblyk het dat die Indiër-sportdeelnemer 'n hoër premie op avontuur en genot as redes vir sportdeelname plaas. Ouderdom het ook nie 'n prakties betekenisvolle effek op die deelnemers se siening van die belangrikheid van die redes wat hul motiveer vir sportdeelname gehad nie.

Opsommend blyk dit dus dat daar spesifieke redes is wat hoërskoolleerlinge motiveer om aan sport deel te neem en dat geslag, ras en ouderdom nie so 'n groot rol speel by die spesifieke redes waarom die jeug/hoërskoolleerlinge aan sport deelneem nie. Afrigters van jeugsportlui behoort kennis te neem van hierdie redes, en dit positief aanwend om strategieë en werkwyses te ontwikkel om die jeug te motiveer om in sportdeelname te volhard.

LEEMTES EN AANBEVELINGS

Alhoewel daar in alle studies gepoog word om veralgemeenbaarheid te optimaliseer, kom tekortkominge in hierdie studie voor wat in verdere studies van dié aard moontlik onder die loep geneem kan word. Derhalwe word die volgende tekortkominge uitgelig en aanbevelings in dié verband gedoen:

- Vanweë eksterne faktore moes van 'n beskikbaarheidsteekproef gebruik gemaak word, en ongelykheid van deelnemergetalle het by groepe voorgekom. Hierdie ongelykheid van getalle kon moontlik die resultate beïnvloed het.
- Die tipe sportsoorte asook die vlak van kompetisiedeelname, kan moontlik tot ander resultate lei. Respondente van hierdie studie het op 'n lae kompetisievlak deelgeneem en sportdeelnemers wat op provinsiale en nasionale vlak deelneem se redes vir deelname kan moontlik ander bevindinge tot gevolg hê.

SUMMARY**REASONS FOR SPORT PARTICIPATION OF HIGH SCHOOL PUPILS**

The aim of this study was to explore the reasons that motivate youths to participate in sport. The results of the study showed that the 5 main reasons why high school pupils participate in sport are: "to do something I am good at, to develop my body, teamwork, to learn new skills and to meet new people". These results are in accordance with other studies (Gill *et al.*, 1993; Wold *et al.*, 1994; Kolt *et al.*, 1999; Kolt en Capaldi, 2001). Conceptual relationships among participation motivation are likely to be based on factors or dimensions of participation motivation, rather than on specific reasons. For this reason a factor analysis was conducted and six factors were labelled: adventure/fun, achievement, team spirit, skill development, competition and energy release. These factors were used to determine whether there was a relationship between the reasons for sport participation and gender, race and age. In general the similarities between girls' and boys' responses in the current study were more striking than the differences that suggests that there need not be differences in the coaching of boys and girls on high school level. Only moderate effects were found in the relationship between race and sport participation. Practical significant differences were found between the boys and girls with regard to the competition factor. Gender did not have an effect on the other factors. Race had a medium effect on the reasons for sport participation whereas age showed no effect. The findings of the study can provide those who are involved in the world of sport, an awareness and literacy of the reasons why high school pupils participate in sport.

VERWYSINGS

ALDERMAN, R. (1976). *Incentive motivation in sport: an interpretive speculation on research opportunities: Sports coaching. Papers presented at a National Seminar for Sport Coaches (129-138)*. Canberra, Australia: Government Publication Service.

ANASTASI, A. (1988). *Psychological testing* (6th ed.). New York: Macmillan. 817 p.

ARMSTRONG, N. & MCMANUS, A. (1994). Children's fitness and physical activity: a challenge for physical education. *British Journal of Physical Education*, 25: 20-26.

BARANOWSKI, T.; SMITH, M. & THOMPSON, W.O. (1999). Intraindividual variability and reliability in a 7-day exercise record. *Medicine and Science in Sports and Exercise*, 31(11): 1619-1622.

BIDDLE, S.J.H.; SALLIS, J.F. & CAVILL, N, eds. (1998). *Young and active? Young people and health-enhancing physical activity: evidence and implications*. London: Health Education Authority.

BROOKS-GUNN, J. & REITER, E.O. (1990). The role of pubertal processes. In S. Feldman & G. Elliott (Eds.), *At the threshold: the developing adolescent* (16-53). Cambridge, MA: Harvard University Press.

CRONBACH'S ALPHA, kyk ANASTASI, A.

DECI, E.L. (1975). *Intrinsic motivation*. New York: Plenum. 210 p.

DECI, E.L. & RYAN, R.M. (1985). *Intrinsic motivation and self-determination in human behavior*. New York: Plenum. 371 p.

FLOOD, S. E. & HELLSTEDT, J.C. (1991). Gender differences in motivation for intercollegiate athletic participation. *Journal of Sport Behavior*, 14: 159-167.

FREEDSON, P.S. & ROWLAND, T.W. (1992). Youth activity versus youth fitness: let's redirect our efforts. *Research Quality and Exercise*, 63: 133-136.

GILL, D.L.; GROSS, J.B. & HUDDLESTON, S. (1983). Participation motivation in youth sports. *International Journal of Sport Psychology*, 14: 1-14.

GILL, K. & OVERDOFF, V. (1994). Incentives for exercise in younger and older women. *Journal of Sport Behavior*, 17: 87-97.

GOULD, D.; FEITZ, D. & WEISS, M.R. (1985). Motives for participating in competitive youth swimming. *International Journal of Sport Psychology*, 16: 126-140.

HARTER, S. (1981). A model of intrinsic mastery motivation in children: individual differences and developmental change. In A. Collins (Ed.), *Minnesota Symposium on Child Psychology* (14: 215-255). Hillsdale, NJ Erlbaum.

ISO-AHOLA, S.E. (1999). Motivation for leisure. In E.L. Jackson & T.L. Burton (Eds.), *Understanding leisure and recreation: mapping the past charting the future* (247-279). State College: Venture.

KIRKBY, R.J. & KOLT, G.S. (1999). Participation motives of young Australian and Chinese gymnasts. *Perceptual and Motor Skills*, 88: 363-373.

KLINT, K.A. & WEISS, M.R. (1987). Perceived competence and motives for participating in youth sports: a test of Harter's Competence Motivation Theory. *Journal of Sport Psychology*, 9: 55-65.

KOLT, G.S. & CAPALDI, R. (2001). Why do children participate in tennis? *ACHPER Healthy Lifestyles Journal*, 48(2): 9-13.

KOLT, G.S.; KIRBY, R.J.; BAR-ELI, M.; BLUMENSTEIN, B.; CHAADHA, N.K.; LIU, J. & KERR, G. (1999). A cross-cultural investigation of reasons for participation in gymnastics. *International Journal of Sport Psychology*, 30: 381-398.

LONGHURST, K. & SPINK, K.S. (1987). Participation motivation of Australian children involved in organized sport. *Canadian Journal of Applied Sport Sciences*, 12: 24-30.

MAEHR, M.I. & NICHOLLS, J.G. (1980). Culture and achievement motivation: a second look. In N. Warren (Ed.), *Studies in cross-cultural psychology* ((3): 221-267). New York: Academic. .

MORRIS, T.; CLAYTON, H.; POWER, H. & JIN-SONG, H. (1996). Motives for participation in selected physical activities in Australia. *Technical Report to the Australian Sports Commission*. Canberra: ASC. 297 p.

PRATT, M.; MACERAM, C.A. & BLANTON, C. (1999). Levels of physical activity and inactivity in children and adults in the United States: current evidence and research issues. *Medicine and Science in Sport and Exercise*, 31(11): S526-533.

RYCKMAN, R.M. & HAMEL, J. (1993). Perceived physical ability differences in the sport participation motives of young athletes. *International Journal of Sport Psychology*, 24: 270-283.

SAPP, M. & HAUBENSTRICKER, J. (1978). *Motivation for joining and reasons for not continuing in youth sport programs in Michigan*. Paper presented at the American Alliance for Health, Physical Education, Recreation and Dance National Conference, Kansas City, Missouri, April 7, 1978.

SAS INSTITUTE, INC. 1999. *The SAS System for Windows Release 8.02 TS Level 02M0*. CAREY, NC: SAS Institute.

SCHOLTZ, G.J.L. (1979). *Kompetisie en aggressie in spel en sport*. Potchefstroom: Pro Rege. 338 p.

STERN, H.P.; BRADLEY, R.H.; PRINCE, M.T. & STROH, S.E. (1990). Young Children in recreational sports participation motivation. *Clinical Pediatrics*, 29(2): 89-94.

STEYN, H.S. 1999. *Praktiese beduidenheid: die gebruik van effekgroottes*. Potchefstroom: Publikasiebeheer Komitee, PU vir CHO. (Wetenskaplike Bydraes, Reeks B: Natuurwetenskappe, nr. 117.)

VAN DEVENTER, K.J. (1998). The state of participation in physical activities by high school learners: a survey in some western Cape schools involving learners, teachers and parents. *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation*, 21(2): 89-102.

WEINBERG, R.; TENENBAUM, G.; MCKENZIE, A.; JACKSON, S.; ANSHEL, M.; GROVE, R. & FOGARTY, G. (2000). Motivation for youth participation in sport and

physical activity: relationships to culture, self-reported activity levels, and gender. *International Journal of Sport Psychology*, 31: 321-346.

WEISS, M.R. (1993). Psychological effects of intensive sport participation on children and youth: self-esteem and motivation. In B.R. Cahill & A.J. Pearl (Eds.), *Intensive participation in children's sport* (1: 39-63). Champaign, IL: Human Kinetics Publishers.

WOLD, S. & KANNA, L. (1993). Sport motivation among young adolescents in Finland, Norway and Sweden. *Scandinavian journal of Medicine & Science in Sports*, 3(4): 283-291.

HOOFSTUK 4

HINDERNISSE WAT JEUGSPORT- DEELNAME KAN BEPERK OF UITSLUIT

TITELBLAD

ABSTRACT

INLEIDING

METODE VAN ONDERSOEK

RESULTATE EN BESPREKING

GEVOLGTREKKINGS

LEEMTES EN AANBEVELINGS

SUMMARY

VERWYSINGS

**HINDERNISSE WAT JEUGSPORTDEELNAME KAN BEPERK OF
UITSLUIT**

**BARRIERS THAT CAN PRECLUDE OR LIMIT YOUTH SPORT
PARTICIPATION**

Me. Zonja COETZEE

018-4687070 (h)

083 2575612 (w)

zonjac@yahoo.com (e-pos)

Glen Eden 30

Klerksdorp

2571

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap

Dr. Mercia COETZEE

018-2991792 (w)

018-2991825 (faks)

mbwmc@puknet.puk.ac.za (e-pos)

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap

Dr. Karel BOTHA

018-2991735 (w)

018-2991730 (faks)

psgkfhb@puknet.puk.ac.za (e-pos)

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe

Deurlopende Titel: **HINDERNISSE VIR JEUGSPORTDEELNAME**

HINDERNISSE WAT JEUGSPORTDEELNAME KAN BEPERK OF UITSLUIT

Zonja COETZEE*, Mercia COETZEE* & Karel BOTHA**

**Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap, Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, Republiek van Suid-Afrika*

***Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, Republiek van Suid-Afrika*

ABSTRACT

The purpose of this study was to assess barriers or constraints that can limit or preclude the sport participation of high school pupils in the Potchefstroom district. Four hundred and seventy eight pupils (211 boys and 267 girls) from four high schools in the Potchefstroom district participated in the study. A questionnaire "Sport Participation Constraints Questionnaire" was used to assess the barriers to sport participation. Data analysis was performed, using Statistica 2000 for Windows 1998. A one-way (ANOVA) and two-way analysis of variance together with the Tuckey post hoc HSD test were used to indicate differences between variables. Practical significance was established by means of effect size. The results of the study showed the constraints that had the most limiting effects on the sport participation as "limited time, family responsibilities, lack of talent or skills, lack of information and lack of available exercise-programmes". The least restrictive constraint was racial relationships: A factor-analysis was performed and five factors were identified: family/culture, finances, skills, facilities and other. The effect size was used to determine whether a difference in the mean values of the identified factors and age, race, and gender occur. Gender and age showed no relation to the constraints. Race, however, had an effect on the perception of constraints to sport participation.

Key Words: Sport participation, Constraints, Youth sport, Barriers.

INLEIDING

Gereelde aktiwiteit, oefening en sport het 'n invloed op 'n verskeidenheid aspekte van ontwikkeling by die kind, maar ten spyte hiervan kom 'n tendens van 'n daling in die

jeug se fisieke aktiwiteitsvlakke en sportdeelname in vele lande voor (Stern *et al.*, 1990; Weiss, 1993). Oor dekades heen reeds blyk dit dat sport vir die Suid-Afrikaner baie belangrik is (Sport Information and Science Agency, 1998), en daarom is dit van die allergrootste belang dat die struikelblokke wat belemmerend op die sportdeelname van jeugsportlui in Suid-Afrika kan inwerk, ondersoek word.

Jackson (1991) en Jackson en Henderson (1995) verwys na struikelblokke wat aktiwiteitsdeelname kan strem of verhinder as *beperkings* of *hindernisse*. Jackson (1991) beskryf hindernisse tot sport en vryetydsaktiwiteite voorts as 'n subjektiewe gevoel wat individue ervaar wanneer beperkinge hulle geleentheid om aan 'n aktiwiteit van hulle keuse deel te neem, strem. Verskeie navorsers het al gepoog om hierdie beperkings of hindernisse wat belemmerend op sportdeelname kan inwerk, te klassifiseer (Goodale & Witt, 1983; Searle & Jackson, 1985; Crawford & Godbey, 1987; Crawford *et al.*, 1991). In hierdie verband maak Jackson (1991) merking dat, hoewel daar verskeie klassifikasies deur navorsers gedoen is, onsekerheid steeds bestaan oor die totale aantal beperkings en 'n eenvormige algemeen aanvaarde klassifikasie. Die model van Crawford *et al.* (1991) geniet baie ondersteuning, en een van die redes hiervoor is dat dit die eerste model was wat hindernisse of beperkings op sport- of rekreasiedeelname in verband gebring het met motivering.

Crawford *et al.* (1991) stel hindernisse tot vryetyds- of aktiwiteitsdeelname voor as 'n samestelling van drie hoofdimensies, naamlik gebrek aan belangstelling, voorafgaande hindernisse en strukturele of ingrypende hindernisse. Bogenoemde dimensies is interverwant en interafhanklik, en beïnvloed aktiwiteitsvlakke in verskillende stadiums van deelname. Gebrek aan belangstelling alleen kan deelname verhinder, maar die antisipering van voorafgaande hindernisse (byvoorbeeld finansiële steun of vervoerprobleme) kan ook 'n gebrek aan belangstelling veroorsaak indien die persoon antisipeer dat hindernisse nie oorkom kan word nie. Voorafgaande hindernisse is dit wat hoofsaaklik die voorkeur of keuse van die aktiwiteit beïnvloed terwyl daaropvolgende hindernisse 'n invloed het op die deelname aan sodanige gekose aktiwiteit (Erasmus, 2002). Voorafgaande hindernisse is 'n samestelling van intrapersoonlike en

interpersoonlike hindernisse (Erasmus, 2002). *Intrapersoonlike faktore* verwys na 'n persoon se individuele psigologiese eienskappe en kenmerke wat aktiwiteitsdeelname en voorkeure kan beïnvloed (Crawford *et al.*, 1991). Hierdie faktore tree in werking nog voordat 'n aktiwiteit gekies is. Hieronder resorteer psigologiese status (wat verklaar watter interaksie met aktiwiteitsdeelname verkies word, byvoorbeeld 'n gebrek aan selfmotivering, angs, persoonlike gesondheidsredes, familie en ander sosiale verwagtings), houdingsbeperkinge (wat verwys na wanopvattinge rakende faktore wat deelname verhinder, byvoorbeeld 'n persoon se persepsie van sy vaardigheidsbevoegdheid), sosiaal-kulturele faktore (wat verwys na beperkinge wat verband hou met ras, sosiaal-ekonomiese en kulturele faktore) en gesondheidsbeperkinge (wat verwys na swak gesondheid en fisieke onaktiwiteit as beperkinge op aktiwiteitsdeelname). *Interpersoonlike faktore* word gedefinieer as hindernisse wat ontstaan as gevolg van onder andere sosiale interaksie met vriende, familie en ander (Erasmus, 2002). Hierdie hindernisse tree na vore wanneer die individu reeds op deelname aan 'n aktiwiteit besluit het, voordat hy/sy aktief aan die aktiwiteit begin deelneem. Die oorsprong van hierdie hindernis is konflik, byvoorbeeld die onvermoë om in verhoudings suksesvol te kan wees of nie 'n geskikte maat te kan kry om mee deel te neem nie. Die mees algemene tipe hindernis wat aktiwiteitsdeelname beïnvloed, is die strukturele of ingrypende hindernisse. Dit is faktore wat intree na die keuse ten opsigte van die aktiwiteit, maar voor werklike deelname. Strukturele hindernisse bestaan uit interne en eksterne hindernisse. 'n Interne hindernis is byvoorbeeld die belangstelling in 'n aktiwiteit. Eksterne hindernisse is gewoonlik dié wat ontstaan uit fisiese omstandighede wat fasiliteit-, hulpbron- en diensgedrewe is (Erasmus, 2002). Voorbeelde hiervan is gesinsverpligtinge, 'n gebrek aan tyd, finansies en toegang tot fasiliteite.

Caroll en Alexandris (1997) het tot die gevolgtrekking gekom dat die rapportering van hindernisse afhanklik is van elke individu se persepsies. Hierdie navorsers kom voorts tot die gevolgtrekking dat die individuele persepsies rakende faktore wat sportdeelname negatief kan beïnvloed, effektief benut kan word om vooruitskattings te kan doen daaroor of 'n persoon aan sport gaan deelneem, al dan nie. Hulle is voorts van mening dat 'n persoon se motiveringsvlak 'n belangrike invloed kan hê op die faktore wat

sportdeelname negatief kan beïnvloed en beperk. Hoogs gemotiveerde sportlui sien hindernisse nie as redes om sportdeelname te staak nie, maar bloot as struikelblokke wat oorkom moet word (Caroll & Alexandris, 1997; Jackson *et al.*, 1993). Klint en Weiss (1987) spreek die mening uit dat talentvolle sportlui meer ondersteuning ontvang as die nie-talentvolles en gevolglik meer gemotiveerd is om hul sportvaardighede te ontwikkel of nuwe vaardighede aan te leer. Talentvolle sportlui sien kompetisies as 'n platform waarop hulle hul vaardighede kan vertoon, terwyl individue wat minder talentvol is, vrees dat hulle tydens kompetisies swak sal vertoon of verneder sal word en dikwels om hierdie rede sportdeelname staak (Klint & Weiss, 1987).

Ball (1976) asook Martin (1997) vind dat negatiewe ervarings in die sportmilieu vroeë staking van sportdeelname tot gevolg het. Martin (1997) vind ook dat swak verhoudings met afrigters dikwels as rede vir staking van sportdeelname voorgehou word. Die bevindinge van ander studies oor die belangrikste faktore wat beperkinge op sportdeelname kan plaas, is as volg: die afrigter, beserings en bykomende verpligtinge (Butcher & Lindner, 1999); negatiewe ingesteldheid van ouers (Whitehead & Corbin, 1991); persepsie van swak motoriese vermoëns (Nicholls, 1984); botsing van belange (Gould, 1987); gebrek aan belangstelling en afwesigheid van genot (Ewing & Seefeldt, 1989); portuurgroepinvloed en 'n gebrek aan geleenthede vir sukses (Martin, 1997); godsdienstige oortuigings en kulturele agtergrond (Vescio *et al.*, 1999); en gebrek aan finansiële steun (Crawford *et al.* 1991; Kay & Jackson, 1991).

Uit die literatuur blyk dit dus dat verskeie hindernisse sportdeelname kan beperk of uitsluit en dat hierdie hindernisse volgens 'n bepaalde struktuur georganiseer en geïntegreer word. Om 'n positiewe ingesteldheid te kweek en jeugsportlui te motiveer tot volgehoue sportdeelname, is dit dus nodig dat afrigters, onderwysers, ouers en sportadministrateurs kennis neem van die hindernisse wat sportdeelname negatief kan beïnvloed, sodat hierdie hindernisse onder die loep geneem kan word ten einde sportdeelname aan te moedig en die duur van deelname te verleng. Die doel van hierdie studie was gevolglik om die hindernisse wat die sportdeelname van hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik kan beperk of uitsluit, te identifiseer. Voortspruitend hieruit

wou bepaal word of 'n verband bestaan tussen die geïdentifiseerde hindernisse en ouderdom, geslag, en ras.

METODE VAN ONDERSOEK

Steekproef

Die ondersoekpopulasie het bestaan uit 478 hoërskoolleerlinge tussen die ouderdomme 14 en 18 jaar, uit oorwegend middel tot lae sosio-ekonomiese statusskole. Die respondente was op grond van 'n beskikbaarheidsteekproef uit 4 skole in die Potchefstroom-distrik gekies. Die ondersoekpopulasieverspreiding was as volg: 13-jariges, $n = 38$ (7.95%); 14-jariges, $n = 88$ (18.41%); 15-jariges, $n = 95$ (19.87%); 16-jariges, $n = 92$ (19.25%); 17-jariges, $n = 82$ (17.15%); 18-jariges, $n = 61$ (12.76%) en bo 18 jaar, $n = 23$ (4.81%). Die gemiddelde ouderdom was 16 jaar. Die rassegroepe wat betrek is, was swart, $n = 151$ (33%); wit, $n = 159$ (33%); Kleurling, $n = 116$ (24%) en Indiër, $n = 48$ (10%). Die aantal dogters en seuns onderskeidelik wat aan die studie deelgeneem het, was 211 (44%) en 267 (56%).

Meetinstrumente

Die studie is deur middel van 'n vraelysondersoek gedoen. Ten einde die faktore wat die sportdeelname van die jeug negatief kan beïnvloed te bepaal, is 'n vraelys saamgestel uit relevante toetsitems soos geselekteer uit die vraelyste van Crawford *et al.* (1991) en Vescio *et al.* (1999). Oop vrae is ook by die vraelys ingesluit om faktore wat moontlik uniek is aan die Suid-Afrikaanse situasie, te bepaal. In 'n loodsstudie deur Coetzee en Viljoen (2001) is die geldigheid en betroubaarheid van die vraelys getoets. Cronbach Alfa-waardes van die faktore was tussen 0.54 en 0.78. Die hertoetsbetroubaarheid was bevredigend met 'n waarde van 0.68. Die vraelys bestaan uit 20 vrae, en respondente moes aandui in watter mate die verskillende toetsitems hul sportdeelname negatief beïnvloed: groot beperking (1), matige beperking (2) en geen beperking (3).

Statistiese Prosedure

Data is met behulp van die rekenaarprogram SAS (SAS Institute Inc., 1999) verwerk. Beskrywende statistiek is gebruik om rekenkundige gemiddeldes, standaardafwykings, maksimum- en minimumwaardes vir die seuns en dogters van al vier die rasse-groepe te bepaal. Beskrywende statistiek is ook gebruik vir die bepaling van die rangorde van die redes vir sportdeelname. 'n Eksploratiewe faktorontleding is gedoen om faktore in die data te identifiseer. Die betroubaarheid van die betrokke faktore is met behulp van Cronbach Alfa-waardes bepaal. T-toetse is gebruik om vas te stel of die faktore ten opsigte van geslag en ouderdom verskil, terwyl eenrigtingvariëansieanalise (ANOVA's) gebruik is om die rangordes van die verskillende etniese groepe te bepaal. 'n Post hoc-toets is gebruik om betekenisvolle verskille by die faktorontleding van die rasse-groepe te bepaal. Effekgroottes is gebruik om praktiese betekenisvolheid van verskille tussen groepe te bepaal.

RESULTATE EN BESPREKING

In Tabel 1 word die rangorde van die hindernisse op die ondersoeksgroep se sportdeelname voorgestel. Die leerlinge moes die twintig individuele hindernisse van 1 tot 20 orden, na die mate van die belemmerende effek wat dit op hul sportdeelname uitoeft. Die aanwysings van die skaal was dat, indien dit 'n groot hindernis is, 'n 1 toegeken is, 2 vir 'n minder stremmende hindernis en 3 vir 'n hindernis wat min of geen effek op deelname gehad het nie (dus hoe laer die telling, hoe groter die effek van die hindernis).

TABEL 1: HINDERNISSE WAT SPORTDEELNAME KAN BEPERK OF UITSLUIT

Hindernisse	Rangorde	Gemiddeld
Tydbeperkings	1	1.94
Familieverantwoordelikhede	2	2.06
Het nie talent of vaardighede nie	3	2.10
Gebrek aan inligting	4	2.17
Geen oefenprogramme beskikbaar nie	5	2.21
Geniet dit nie om aan sport deel te neem nie	6	2.25
Ek is nie sportief nie	7	2.26
Ek vrees beserings	8	2.27
Geen fasiliteite nie	9	2.27
Niemand om mee saam te gaan nie	10	2.30
Finansies	11	2.30
Probleme met vervoer	12	2.31
Godsdienstige oortuigings	13	2.31
Ek kan dit nie bekostig nie	14	2.37
Taalverskille	15	2.37
Kulturele verskille	16	2.43
My ouers beperk my	17	2.44
Swak gesondheid	18	2.46
Ek hou nie daarvan om voor seuns/dogters deel te neem nie	19	2.47
Rasseverhoudings	20	2.50

Uit bostaande blyk dit dus dat *tydbeperkings*, *familieverantwoordelikhede*, *nie vaardighede/talent nie*, *'n gebrek aan inligting* en *geen oefenprogramme beskikbaar nie* die vyf hindernisse is wat die grootste beperking op die sportdeelname van die ondersoekgroep plaas. As Crawford *et al.* (1991) se klassifikasie in ag geneem word, blyk dit dat die redes versprei lê tussen intrapersoonlike faktore (gebrek aan vaardighede, familieverantwoordelikhede) en strukturele faktore (tydbeperkings, nie oefenprogramme, gebrek aan inligting). Volgens die klassifikasie van Crawford *et al.* (1991) is die hindernisse wat sportdeelname die minste beperk, die intrapersoonlike faktore (swak gesondheid, kultuurverskille) en interpersoonlike faktore (my ouers beperk my, ek hou nie daarvan om voor die ander geslag deel te neem nie en rasseverhoudings). 'n Gebrek aan tyd word in vele ander studies ook as die beperkendste faktor vir aktiwiteitsdeelname aangedui (Ewing & Seefeldt, 1989; Kay & Jackson, 1991; Carroll & Alexandris, 1997).

Ten einde bostaande resultate verder te ontleed is 'n eksploratiewe faktoranalise gedoen waarin elke vraag onder 'n sekere faktor gegroepeer is sodat bepaal kon word of geslag, ras en ouderdom 'n effek het op die ervaring van hindernisse met betrekking tot sportdeelname. Vyf faktore is geïdentifiseer, waarvan die faktorpatroon nie ooreengestem het met die klassifikasie van Crawford *et al.* (1991) nie. 'n Bevestigde faktorontleding met faktore, gedefinieer volgens die Crawford-model, is voorts uitgevoer, maar dit het lae kommunaliteit gelever. Gevolglik is besluit om aanvanklike faktore (soos verkry uit die eksploratiewe faktorontleding) in verdere verwerkings te gebruik. Slegs Eigenwaardes van groter as 0.4 is in ag geneem. Uit die genoteerde transformasie-matriks is 5 faktore geïdentifiseer, naamlik familie/kultuur, finansies, vaardigheid, fasiliteite/programme en ander (tyd/niemand om mee saam te gaan nie). Die totale groep is ten opsigte van antwoorde op die vrae asook met betrekking tot die verskillende faktorgroepe vergelyk. Die faktorladings en kommunaliteite vir elke faktor word in Tabel 2 voorgestel.

TABEL 2: FAKTORLADINGS VAN DIE ITEMS VAN DIE VRAELYS

Items	Faktorlading	Kommunaliteit
Faktor 1: Familie/kultuur		
Familieverantwoordelikhede	0.71	0.57
My ouers beperk my	0.64	0.62
Ek hou nie daarvan om voor seuns/dogters deel te nee nie	0.63	0.71
Kultuurverskille	0.62	0.54
Taal	0.56	0.52
Godsdienstige verpligtinge	0.54	0.56
Faktor 2: Finansies		
Kan nie apparaat/toerusting bekostig nie	0.77	0.67
Swak gesondheid	0.68	0.52
Rasseverhoudings	0.60	0.56
Vervoer	0.51	0.49
Finansies	0.48	0.47
Faktor 3: Vaardigheid		
Gebrek aan vaardigheid	0.75	0.62
Nie sportief nie	0.65	0.54
Hou nie van sport nie	0.62	0.53
Vrees beserings	0.49	0.50
Faktor 4: Fasiliteite/programme		
Nie geskikte oefenprogramme nie	0.70	0.59
Gebrek aan inligting	0.62	0.55
Nie geskikte fasiliteite nie	0.56	0.47
Faktor 5: Ander		
Tydbeperkings	0.63	0.60
Niemand om mee saam te gaan nie	0.55	0.46

Die totale variansie wat deur die vyf faktore vir die vraelys verklaar is, was 49.58%. Faktor een het 14.37% van die totale variansie uitgemaak, faktor twee 13.04%, faktor drie 11.85%, faktor vier 10.26% en faktor vyf 0.60%. Die faktore was dus, met die uitsondering van faktor 5, redelik gelykmatig ten opsigte van die persentasie variansie wat verklaar word. Ten einde die betroubaarheid van die faktore vas te stel is Cronbach Alfa-waardes van elke faktor bepaal: familie/kultuur (0.80), finansies (0.73), vaardigheid (0.67), fasiliteite (0.65) en ander (tyd en niemand om mee saam te gaan nie) (0.07). Die Cronbach Alfa wat vir die vyf faktore bereken is, het dus gewissel tussen 0.80 en 0.07

met 'n gemiddeld van 0.58. Aangesien faktor vyf se Cronbach Alfa-waarde 0.07 was, wat nie betroubaar is nie, is faktor vyf nie as 'n faktor bespreek nie. Hierdie twee vrae was wel belangrik en daarom word dit afsonderlik in berekening gebring.

In Tabel 3 word die rangordes van die hindernisse, soos afsonderlik deur die seuns en dogters gerangskik, voorgestel.

TABEL 3: RANGORDES VAN HINDERNISSE WAT DEUR SEUNS EN DOGTERS ONDERSKEIDELIK AS BELEMMERINGE VIR SPORTDEELNAME ERVAAR IS

Skaalitems	Seuns n = 211			Dogters n = 267		
	Rang- orde	Gem	SA	Rang- orde	Gem	SA
Tyd beperkings	1	2.01	0.71	1	1.87	0.74
Familieverantwoordelikhede	2	2.05	0.83	3	2.07	0.83
Het nie talent of vaardighede nie	4	2.19	0.83	2	2.02	0.79
Gebrek aan inligting	3	2.09	0.79	8	2.24	0.81
Is geen oefenprogramme beskikbaar nie	5	2.22	0.75	5	2.20	0.77
Geniet dit nie om aan sport deel te neem nie	8	2.26	0.86	13	2.34	0.85
Ek is nie sportief nie	7	2.26	0.84	10	2.28	0.79
Ek vrees beserings	16	2.38	0.84	7	2.23	0.77
Geen fasiliteite nie	12	2.30	0.80	14	2.42	0.73
Niemand om mee saam te gaan nie	11	2.30	0.73	6	2.22	0.75
Finansiële beperkings	19	2.44	0.76	16	2.43	0.75
Probleme met vervoer	6	2.23	0.77	11	2.29	0.77
Godsdienstige oortuigings	14	2.35	0.80	9	2.27	0.82
Ek kan dit nie bekostig nie	13	2.33	0.73	4	2.17	0.73
Taalverskille	10	2.30	0.77	12	2.32	0.77
Kulturele verskille	9	2.30	0.78	15	2.43	0.71
My ouers beperk my	15	2.36	0.74	19	2.49	0.77
Swak gesondheid	17	2.42	0.80	18	2.48	0.74
Hou nie daarvan om voor seuns/dogters deel te neem nie	20	2.47	0.76	17	2.45	0.78
Rasseverhoudings	18	2.44	0.73	20	2.55	0.69

Uit Tabel 3 blyk dit dat verskille wel tussen die seuns en dogters se ervaring van die hindernisse voorgekom het, hoewel die rangorde vir die eerste 5 hindernisse grootliks dieselfde was. *Tydbeperkings* was vir beide geslagte die grootste hindernis. Dogters sien die *vrees vir seerkry* as 'n groter hindernis, asook dat hulle nie kan *bekostig* om aan sport deel te neem nie, terwyl seuns probleme met *vervoer* as 'n groter hindernis sien. *Rasseverhoudings* en *ek hou nie daarvan om voor seuns/dogters deel te neem nie* is deur

beide seuns en dogters as die mins belemmerende hindernisse gesien. Alhoewel daar nie studies opgespoort kon word wat spesifiek geslag ondersoek het nie, het Carroll en Alexandris (1997) aangedui dat die hindernisse vir sportdeelname by seuns en dogters in die reël dieselfde is. Hierdie resultate kan vir sportafrigters, onderwysers en sportbetrokkenes van groot nut wees. Tog moet ook gelet word op die andersoortige beleving van die hindernisse vir sportdeelname, omdat hierdie hindernisse geslagspesifiek is.

Die volgende stap in die studie was om te bepaal of geslag betekenisvol verband hou met die hindernisse wat ervaar is. Hierdie vergelykings is volgens die geïdentifiseerde faktore van die faktorontleding uitgevoer, en praktiese betekenisvolheid is bereken.

TABEL 4: FAKTORONTLEDING VOLGENS GESLAG

Faktor 1	Seuns	211	2.3026	0.5565	0.060
Familie/kultuur	Dogters	267	2.3483	0.5829	
Faktor 2	Seuns	211	2.3477	0.5596	0.050
Finansies	Dogters	267	2.3966	0.5136	
Faktor 3	Seuns	211	2.2532	0.6150	0.155
Vaardigheid	Dogters	267	2.1629	0.5755	
Faktor 4	Seuns	211	2.1872	0.6220	0.051
Fasiliteite/programme	Dogters	267	2.2386	0.5931	
Tydbeperkings	Seuns	211	2.0135	0.7094	0.196
	Dogters	267	1.8684	0.7408	
Niemand om mee saam te gaan nie	Seuns	211	2.3758	0.7304	0.189
	Dogters	267	2.2335	0.7534	

$d=0.2$ klein effek; $d=0.5$ medium effek*; $d=0.8$ groot effek en prakties betekenisvolle verskille** (Steyn, 1999)

Uit Tabel 4 blyk dit dat geen prakties betekenisvolle verskille tussen seuns en dogters se beleving van die hindernisse wat sportdeelname kan beperk of uitsluit, voorgekom het nie. Geslag het dus nie 'n betekenisvolle effek gehad op hierdie ondersoekgroep se ervaring van die hindernisse wat sportdeelname kan beperk of uitsluit nie.

Vervolgens is die rangordes van die individuele hindernisse bepaal ten opsigte van ras om vas te stel of rasspesifieke tendense voorgekom het.

TABEL 5: RANGORDES VAN HINDERNISSE WAT DEUR DIE ONDERSKEIE RASSEGROEPE AANGEDUI IS

Skalaïtems	Swart n = 151		Wit n = 159		Kleurling n = 116		Indiër n = 48	
	Rang- orde	Gem	Rang- orde	Gem	Rang- orde	Gem	Rang- orde	Gem
Tydbeperkings	4	1.91	1	1.98	1	1.80	1	2.19
Familieverantwoordelikhede	1	1.79	2	2.29	2	1.95	6	2.44
Het nie talent of vaardighede nie	3	1.88	3	2.30	6	1.99	3	2.34
Gebrek aan inligting	2	1.83	6	2.44	7	2.07	9	2.58
Is geen oefenpro-gramme beskikbaar nie	12	2.10	8	2.46	3	1.96	4	2.34
Geniet dit nie om aan sport deel te neem nie	17	2.20	5	2.40	5	1.98	10	2.63
Ek is nie sportief nie	19	2.28	7	2.45	4	1.96	5	2.34
Ek vrees beserings	6	1.98	10	2.51	9	2.10	13	2.72
Geen fasiliteite nie	7	2.00	13	2.60	8	2.09	8	2.47
Niemand om mee saam te gaan nie	15	2.16	4	2.35	16	2.28	7	2.47
Finansiële beperkings	5	1.93	15	2.61	10	2.15	17	2.79
Probleme met vervoer	8	2.02	9	2.47	17	2.28	11	2.66
Godsdienstige oorwegings	13	2.14	12	2.59	12	2.16	2	2.28
Ek kan dit nie bekostig nie	16	2.19	11	2.59	11	2.16	14	2.76
Taalverskille	10	2.08	14	2.61	14	2.23	19	2.83
Kulturele verskille	11	2.09	16	2.65	18	2.40	20	2.84
My ouers beperk my	18	2.22	19	2.70	13	2.21	18	2.81
Swak gesondheid	9	2.08	18	2.67	19	2.48	15	2.78
Ek hou nie daarvan om voor seuns/dogters deel te neem nie	20	2.28	20	2.71	15	2.52	12	2.69
Rasseverhoudings	14	2.16	17	2.65	20	2.55	16	2.78

Uit Tabel 5 blyk dit dat die *tydbepanking* vir al die rassegroepe die grootste hindernis was, met die uitsondering van die swart leerlinge wat *familieverantwoordelikhede* as die grootste hindernis ervaar. Die Indiër-leerlinge ervaar *godsdienst* as die tweede grootste hindernis, terwyl die ander rassegroepe dit nie as 'n groot hindernis ervaar nie. 'n Ander opmerklike verskil was dat die swart leerlinge wat hulself as *nie-sportief* beskou, hierdie faktor nie as so 'n groot hindernis sien in vergelyking met die ander leerlinge nie, terwyl hulle weer *finansiële* beperking en *swak gesondheid* as groter hindernisse as die ander

leerlinge ervaar. Verskille in die beleving van die hindernis wat die minste beperkings op sportdeelname uitgeoefen het, het ook voorgekom. Vir die swart en wit leerlinge is *om voor die teenoorgestelde geslag deel te neem* nie 'n hindernis nie. Vir die Kleurling-leerlinge is *rasseverhoudings* nie hindernis tot sportdeelname nie en vir die Indiër-leerlinge, blyk *kulturele verskille* nie 'n hindernis tot sportdeelname te wees nie.

Ten einde te bepaal of ras met hindernisse verband hou, is prakties betekenisvolheid tussen die faktore bepaal.

TABEL 6: FAKTORONTLEDING VOLGENS RAS

Veranderlikes	Ras	n	Gem	d
Faktor 1 Familie/kultuur	Swart	151	2.0942	S/W=0.93**, S/K=0.19
	Wit	159	2.5800	S/I=1.06**, W/K= 0.74*
	Kleurling	116	2.1923	W/I= 0.13, K/I=0.87**
	Indiër	48	2.6469	
Faktor 2 Finansies	Swart	151	2.0694	S/W=1.12**, S/K=0.53*
	Wit	159	2.5996	S/I=1.41**, W/K= 0.59*
	Kleurling	116	2.3214	W/I= 0.29, K/I=0.88**
	Indiër	48	2.7394	
Faktor 3 Vaardigheid	Swart	151	2.0700	S/W=0.59*, S/K=0.09, S/I=0.78*
	Wit	159	2.3987	W/K= 0.68*, W/I= 0.20
	Kleurling	116	2.0202	K/I=0.87**
	Indiër	48	2.5078	
Faktor 4 Fasiliteite/programme	Swart	151	1.9790	S/W=0.92**, S/K=0.12
	Wit	159	2.4986	S/I=0.85**, W/K= 0.80**
	Kleurling	116	2.0493	W/I= 0.08, K/I=0.72*
	Indiër	48	2.4545	
Tydbeperkings	Swart	151	1.0909	S/W=1.23**, S/K=0.98**
	Wit	159	1.9828	S/I=1.51**, W/K= 0.25
	Kleurling	116	1.8000	S/I= 0.28, K/I=0.53*
	Indiër	48	2.1875	
Niemand om mee saam te gaan nie	Swart	151	2.1800	S/W=0.23, S/K=0.13, S/I=0.39
	Wit	159	2.3534	W/K= 0.10, W/I= 0.16
	Kleurling	116	2.2784	K/I=0.26
	Indiër	48	2.4688	

d=0.2 klein effek; d=0.5 medium effek*; d=0.8 groot effek en prakties betekenisvolle verskil** (Steyn, 1999)

Uit Tabel 6 blyk dit duidelik dat prakties betekenisvolle verskille in die ervaring van die hindernisse tussen die onderskeie rassegroepe wel voorgekom het. Swart leerlinge verskil betekenisvol van wit en Indiërleerlinge, so ook Kleurling- van Indiër-leerlinge ten opsigte van faktor 1, familie/kultuur. Swart leerlinge ervaar dus die hindernisse familieverantwoordelikheid, ouerbepערking, om voor die ander geslag deel te neem, kultuurverskille en godsdiens anders as wit leerlinge, net soos Kleurling-leerlinge dit anders as Indiër-leerlinge ervaar. Dieselfde tendens word gevind ten opsigte van faktor 2 (finansies) waar swart leerlinge se belewing van *bekostigbaarheid van apparaat, swak gesondheid, rasseverhoudings, vervoer en finansies* as groter hindernisse beleef as wit leerlinge, terwyl Kleurling-leerlinge dit as groter hindernisse ervaar as Indiër-leerlinge. Ten opsigte van faktor 3 (vaardigheid) verskil die Kleurling-leerlinge betekenisvol van die Indiër-leerlinge. In faktor 4 (fasiliteite/programme) verskil die swart leerlinge betekenisvol van die wit en Indiër-leerlinge, en Kleurling-leerlinge van wit leerlinge, wat daarop dui dat die swart en Kleurling-leerlinge 'n gebrek aan fasiliteite en programme as groter hindernisse ervaar. Wat die tydfaktor betref, verskil die swart leerlinge se belewing betekenisvol van al die ander leerlinge, omdat hulle die enigste groep was wat 'n gebrek aan tyd nie as die belangrikste hindernis vir sportdeelname sien nie. Ras het dus 'n betekenisvolle effek gehad op die hindernisse wat sportdeelname kan beperk of uitsluit.

In Tabel 7 is die rangorde van die hindernisse ooreenkomstig ouderdom voorgestel. Om vergelykings te vergemaklik, is die leerlinge in 2 groepe verdeel, naamlik juniors (grade 8 en 9) en seniors (grade 10-12).

**TABEL 7: RANGORDES VAN DIE HINDERNISSE TOT SPORTDEELNAME
VIR DIE JUNIOR EN SENIOR HOËRSKOOLLEERLINGE**

Skaalitems	Juniors n = 137			Seniors n = 341		
	Rang- orde	Gem	SA	Rang- orde	Gem	SA
Tydbeperkings	2	2.062	0.719	1	1.884	0.729
Familieverantwoordelikhede	1	2.061	0.843	3	2.096	0.825
Het nie talent of vaardighede nie	3	2.175	0.829	2	2.078	0.798
Gebrek aan inligting	5	2.198	0.763	4	2.200	0.824
Is geen oefenprogramme beskikbaar nie	4	2.177	0.740	5	2.231	0.763
Geniet dit nie om aan sport deel te neem nie	9	2.313	0.837	7	2.232	0.865
Ek is nie sportief nie	8	2.299	0.738	8	2.264	0.831
Ek vrees beserings	10	2.347	0.782	9	2.275	0.794
Geen fasiliteite	7	2.237	0.788	11	2.297	0.743
Niemand om mee saam te gaan nie	11	2.361	0.739	6	2.263	0.753
Finansiële beperkings	12	2.375	0.715	13	2.332	0.755
Probleme met vervoer	14	2.442	0.754	10	2.280	0.757
Godsdienstige oorwegings	6	2.221	0.827	14	2.348	0.808
Ek kan dit nie bekostig nie	16	2.538	0.716	16	2.410	0.749
Taalverskille	15	2.452	0.745	15	2.370	0.773
Kulturele verskille	19	2.538	0.716	17	2.410	0.749
My ouers beperk my	18	2.526	0.742	18	2.411	0.759
Swak gesondheid	17	2.526	0.709	19	2.458	0.777
Ek hou nie daarvan om voor seuns/dogters deel te neem nie	13	2.547	0.711	12	2.433	0.790
Rasseverhoudings	20	2.375	0.715	20	2.332	0.755

Uit Tabel 7 blyk dit dat daar heelwat ooreenstemming is tussen die ouderdomsgroepe met betrekking tot die hindernisse wat sportdeelname kan beperk of uitsluit. Die grootste verskille was ten opsigte van *godsdien*s, gevolg deur *niemand om mee saam te gaan nie*. In die junior groep het die Indiër-leerlinge *godsdien*s as 'n groter hindernis as die ander leerlinge gesien, wat waarskynlik daarop dui dat die juniors meer betrokke is by godsdienverpligtinge as die senior leerlinge. Vir die senior leerlinge was *niemand om mee saam te gaan nie* 'n groter hindernis wat moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat die sosiale aspek, veral ondersteuning van vriende, 'n groter rol speel by die senior leerlinge.

TABEL 8: FAKTORONTLEDING VOLGENS OUDERDOM

Veranderlikes	Ouderdom	n	Gem	SA	d
Faktor 1	Junior	126	2.3579	0.5758	0.041
Familie/kultuur	Senior	330	2.3344	0.5630	
Faktor 2	Junior	126	2.4746	0.5131	0.192
Finansies	Senior	330	2.3735	0.5252	
Faktor 3	Junior	126	2.2719	0.5976	0.120
Vaardigheid	Senior	330	2.2003	0.5879	
Faktor 4	Junior	126	2.2041	0.6197	0.054
Vaardigheid/fisieke voorkoms	Senior	330	2.2376	0.5981	
Tydbeperkings	Junior	126	2.0619	0.7190	0.244
	Senior	330	1.8844	0.7289	
Niemand om mee saam te gaan nie	Junior	126	2.3608	0.7386	0.130
	Senior	330	2.2629	0.7529	

d=0.2 klein effek; d=0.5 medium effek*; d=0.8 groot effek en prakties betekenisvolle verskil** (Steyn, 1999)

Uit Tabel 8 blyk dit dat geen prakties betekenisvolle verskille tussen die beleving van hindernisse tot sportdeelname en die twee ouderdomsgroepe onderskeidelik voorgekom het nie, maar dat tyd wel 'n klein effek gehad het. Ouderdom het dus nie 'n betekenisvolle effek gehad op die hindernisse wat sportdeelname kan beperk of uitsluit nie. Die rede hiervoor kan moontlik wees dat daar nie 'n groot verskil in hulle ouderdomme was nie (14-18 jaar).

GEVOLGTREKKINGS

Uit die resultate van die studie het dit geblyk dat *tydbeperkings*, *familieverantwoordelikhede*, *nie vaardighede/talent nie*, 'n *gebrek aan inligting* en *geen oefenprogramme beskikbaar nie* die vyf belangrikste hindernisse was wat die sportdeelname van hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik beperk of uitsluit. Volgens die klassifikasie van Crawford *et al.* (1997) maak hierdie hindernisse deel uit van die intrapersoonlike en strukturele hindernisse.

'n Faktoranalise is onderneem om spesifieke kategorieë hindernisse te klassifiseer. Uit 'n geroteerde transformasiematriks is 5 faktore geklassifiseer, naamlik familie/kultuur, finansies, vaardigheid, fasiliteite, tyd en ander. Hiervolgens is bepaal of ouderdom, geslag en ras verband hou met die geïdentifiseerde faktore/hindernisse. Geslag en ouderdom het nie 'n verband getoon met die hindernisse nie. Seuns en dogters tussen die ouderdomme 14 en 18 verskil dus nie betekenisvol met betrekking tot die belewing van hindernisse wat hulle daarvan weerhou om aan sport deel te neem of hul sportdeelname beperk, nie. Afrigters kan dus aanvaar dat eenderse hindernisse seuns én dogters daarvan weerhou om aan sport deel te neem en behoort hul programme dienoreenkomstig te organiseer.

Ras het wel 'n verband getoon met die hindernisse wat sportdeelname kan beperk of uitsluit. Familie-/kultuurhindernisse is anders deur die swart ervaar as deur wit leerlinge en so ook deur die Kleurling- as deur die Indiër-leerlinge. Die swart leerlinge het finansies as 'n groter hindernis beleef as wit leerlinge, net soos Kleurling- dit anders as die Indiër-leerlinge ervaar het. Wanneer na fasiliteite/programme gekyk word, dui dit daarop dat die swart en Kleurling-leerlinge 'n gebrek aan fasiliteite en programme as groter hindernisse ervaar. Die swart leerlinge se belewing van tyd verskil betekenisvol van al die ander leerlinge s'n omdat hulle die enigste groep was wat 'n gebrek aan tyd nie as die belangrikste hindernis vir sportdeelname sien nie. Hierdie resultate impliseer dus dat 'n afrigter bewus moet wees daarvan dat leerlinge van verskillende rasse-groepe eiesoortige belemmeringe kan ervaar wat meebring dat hulle nie aan sport kan deelneem nie en/of wat hulle sportdeelname per se kan beperk.

Afrigters behoort dit dus in ag te neem dat onvoldoende *tyd* tot hulle beskikking, 'n belangrike rol speel by sportdeelname en dat oefeninge só georganiseer behoort te word dat dit ook die bykomstige verpligtinge van leerlinge in ag neem. Dit is verder ook nodig om te weet dat adolessente van verskillende rasse-groepe ook familie-verantwoordelikhede het om na te kom. Uit die studie het dit geblyk dat ras 'n betekenisvolle effek het op die belangrikheid van die hindernisse. Vir sportadministrateurs is dit dus van belang om te weet dat verskillende rasse-groepe, veral die swart en Kleurling-leerlinge, strukturele

hindernisse ervaar wat hulle daarvan weerhou om aan sport deel te neem, of wat hul sportdeelname beperk.

LEEMTES EN AANBEVELINGS

Hoewel daar in alle studies gepoog word om veralgemeenbaarheid te optimaliseer, is daar in hierdie studie tekortkominge geïdentifiseer wat in verdere studies aandag moet geniet. Derhalwe word die volgende tekortkominge uitgelig en aanbevelings daaromtrent gemaak:

- Hoewel die ondersoekgroep redelik ewekansig was, is daar vanweë spesifieke omstandighede van 'n beskikbaarheidsteekproef gebruik gemaak om die respondente te selekteer, en om hierdie rede moes daar van nie-parametriese statistiek in die ontleding van die data gebruik gemaak word. Daar word voorgestel dat populasies van verdere studies deur middel van 'n ewekansige steekproef geselekteer word en dat die groepe ewe groot moet wees.
- Inligting oor sosio-ekonomiese status kan moontlik meer lig werp op die beleving van die hindernisse tot sportdeelname.
- Die aanname uit die literatuur dat individue se persepsies van hindernisse wat sportdeelname kan beperk of uitsluit gebruik kan word om vooruitskattings vir toekomstige deelname te doen, verdien ook verdere navorsing.

SUMMARY

BARRIERS THAT CAN PRECLUDE OR LIMIT YOUTH SPORT PARTICIPATION

The purpose of this study was to assess barriers or constraints that can preclude or limit the sport participation of high school pupils in the Potchefstroom district. Four hundred and seventy eight high school pupils (211 boys and 267 girls) from 4 high schools in the Potchefstroom district participated in the study. A questionnaire was used to assess the

barriers to sport participation. Data analysis was performed using Statistica 2000 for Windows 1998. A one-way (ANOVA) and two-way analysis of variance together with the Tuckey post hoc HSD test were used to indicate differences between variables. Practical significance was established with effect size. This study provided evidence that there are constraints that can preclude or limit the sport participation of high school pupils. Individual constraints were ranked and the 5 most important constraints for sport participation were "limited time, family responsibilities, lack of talent or skills, lack of information and lack of available exercise-programmes". The least restrictive constraint was racial relationships: Factor-analysis of the ratings yielded five factors that were labelled family/culture, finances, skills, facilities and other (no one to go with and lack of time). Effect size was also performed to establish the relationship between the barriers to sport participation and age, race and gender. Gender and age showed no relation to the constraints. Race, however, had an effect on the perception of constraints to sport participation. Sport administrators, coaches and teachers need to be made aware of the importance of lack of time as a barrier to sport participation as well as of the effect of structural barriers, especially on the previously disadvantaged groups.

VERWYSINGS

ANASTASI, A. (1988). *Psychological testing* (6th ed.). New York: Macmillan. 817 p.

BALL, D.W. (1976). Failure in sport. *American Socialization Review*, 41: 726-739

BUTCHER, J. & LINDNER, K.J. (1999). Withdrawal from competitive youth sport: a retrospective ten-year study. *Journal of Sport Behavior*, 25(2): 145-163.

CAROLL, B. & ALEXANDRIS, K. (1997). Perception of constraints and strength of motivation: their relationship to recreational sport participation in Greece. *Journal of Leisure Research*, 29(3): 279-299.

COETZEE, M. & VILJOEN, L. (2001). Reasons for youth participation in underwater hockey in South Africa. *South African Journal for Research in Sport Physical Education and Recreation*, 24(2): 13-22.

CRAWFORD, D. & GODBEY, G. (1987). Reconceptualizing barriers to family recreation. *Leisure Sciences*, 9(3): 119-127.

CRAWFORD, D.; JACKSON, E. & GODBEY, G. (1991). A hierarchical model of leisure constraints. *Leisure Sciences*, 13: 309-320.

CRONBACH'S ALPHA, kyk ANASTASI, A.

EWING, M.E. & SEEFELDT, V. (1989). *Participation and attrition patterns in American agency-sponsored and interscholastic sports: an executive summary. Final report*. North Palm Beach, FL: Sporting Goods Manufacturers Association.

ERASMUS, H. (2002). Fisieke aktiwiteit, lewenstyl en sosio-ekonomiese status se verband met hindernisse tot vryetydsdeelname by vroue. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - Ph.D.) 140 p.

GOODALE, T.L. & WITT, P.A. (1983). Recreation non-participation and barriers to leisure. In E.L. Jackson & T.L. Button (Eds.), *Understanding leisure and recreation* (421-449). State College, PA: Venture.

GOULD, D. (1987). Understanding attrition in children's sport. In D. Gould & M.R. Weiss (Eds.), *Advances in pediatric sport sciences* (61-85). Champaign, IL: Human Kinetics Publishers.

JACKSON, E. (1991). Introduction: Leisure constraints / constrained leisure. *Leisure Sciences*, 15: 1-11. (Special issue.)

JACKSON, E.; CRAWFORD, D. & BODBEY, G. (1993). Negotiation of leisure constraints. *Leisure Sciences*, 15: 1-11.

JACKSON, E.L. & HENDERSON, K.A. (1995). Gender-based analysis of leisure constraints. *Leisure sciences*, 17: 31-51.

KAY, T. & JACKSON, G. (1991). Leisure despite constraint: the impact of leisure constraints on leisure participation. *Journal of Leisure Research*, 23: 301-313.

KLINT, K.A. & WEISS, M.R. (1987). Perceived competence and motives for participating in youth sports: a test of Harter's Competence Motivation Theory. *Journal of Sport Psychology*, 9: 55-65.

MARTIN, D.E. (1997). Interscholastic sport participation: reasons for maintaining or terminating participation. *Journal of Sport Behavior*, 20(1): 94-104; 20(2): 11.

NICHOLLS, J.G. (1984). Achievement motivation: conceptions of ability, subjective experience, task choice, and performance. *Psychological Review*, 91: 328-346.

SAS INSTITUTE. (1999). The SAS System for Windows Release 8.02 TS Level 02M0. Cary, NC: SAS Institute.

SEARLE, M. & JACKSON, E.L. (1985). Socio-economic variations in perceived barriers to recreation participation among would-be participants. *Leisure Science*, 7: 227-249.

SISA, kyk SPORTS INFORMATION AND SCIENCE AGENCY.

SPORTS INFORMATION AND SCIENCE AGENCY. (1998). *The estimated impact of sport on the South African economy*. Pretoria: Sports Information and Science Agency. 10 p.

STERN, H.P.; BRADLEY, R.H.; PRINCE, M.T. & STROH, S.E. (1990). Young children in recreational sports participation motivation. *Clinical Pediatrics*, 29(2): 89-94.

STEYN, H.S. (1999). Praktiese beduidenheid: die gebruik van effekgroottes. Potchefstroom: Publikasiebeheer Komitee, PU vir CHO. (Wetenskaplike Bydraes, Reeks B: Natuurwetenskappe nr. 117.)

VESCIO, J.; TAYLOR, T. & TOOHEY, K. (1999). An exploration of sports participation by girls from non-English speaking backgrounds. *ACHPER Healthy Lifestyles Journal*, 46(2-3): 14-19.

WEISS, M.R. (1993). Psychological effects of intensive sport participation on children and youth: *self-esteem and motivation*. In B.R. Cahill & A.J. Pearl (Eds.), *Intensive participation in children's sport* (1: 39-63). Champaign, IL: Human Kinetics.

WHITEHEAD, J.R. & CORBIN, C.B. (1991). Youth fitness testing: the effect of percentile-based evaluative feedback on intrinsic motivation. *Research Quarterly for Exercise and Sport*, 62: 225-231.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 SAMEVATTING

5.2 GEVOLGTREKKINGS

5.2.1 GEVOLGTREKKING 1

5.2.2 GEVOLGTREKKING 2

5.3 AANBEVELINGS EN TEKORTKOMINGE

5.1 SAMEVATTING

Hierdie studie het ten doel gehad om te bepaal wat die belangrikste redes is waarom hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik aan sport deelneem, asook wat die belangrikste hindernisse is wat die sportdeelname van hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik kan beperk of uitsluit. Ten tweede wou bepaal word of die redes en hindernisse ouderdom-, geslag en/of rasspesifiek is.

Ten einde die doelstellings en hipoteses te verwesenlik (kyk Hoofstuk 1), is eerstens in Hoofstuk 2 'n literatuuroorsig aangebied. Hierin is spesifiek aandag gegee aan die teorieë wat die motivering of redes vir sportdeelname onderlê, asook aan navorsingsbevindings van soortgelyke studies wat internasionaal reeds gedoen is. Die literatuuroorsig het aan die lig gebring dat sportlui om verskeie redes aan sport deelneem en dat ander faktore soos ouderdom, geslag en ras ook 'n rol by jeugsportdeelname kan speel. Uit die literatuur oor die hindernisse wat sportdeelname kan beïnvloed, het dit geblyk dat bepaalde universele hindernisse bestaan wat sportdeelname kan beïnvloed. Hierdie hindernisse kan ook in 'n bepaalde struktuur geklassifiseer word, en Crawford *et al.* (1991) se model is as voorbeeld verduidelik.

In Hoofstuk 3, wat in artikelformaat aangebied is, is die resultate van die ondersoek aangaande die redes vir sportdeelname gerapporteer. Ten eerste is 'n rangorde van belangrikheid vir die onderskeie redes bepaal. Die drie belangrikste redes was “ek hou daarvan om iets te doen waarin ek goed is; ek wil my liggaam ontwikkel en ek hou van spanwerk”, en die drie onbelangrikste redes was “ek hou van die afrigters; ek wil populêr wees en ek wil ontslae raak van my energie”. Tweedens is 'n faktorontleding gedoen om die individuele redes in faktore te groepeer. Ses faktore is geïdentifiseer, naamlik avontuur/genot, erkenning/prestasie, spangees/affiliasie, vaardigheid/fisieke voorkoms, kompetisie/uitdagings en energieontlading. Om te bepaal of ouderdom, geslag en ras verband hou met die redes vir sportdeelname, is effekgroottes bereken. Geslag het met vier van die ses faktore geen verband getoon nie; slegs wel ten opsigte van die kompetisie/uitdagings. Ras het 'n medium effek gehad op die redes vir deelname, maar

daar was nie 'n betekenisvolle verband nie. Ouderdom het ook geensins 'n verband met sportdeelname getoon nie.

In Hoofstuk 4 is die resultate rakende die soorte hindernisse wat sportdeelname by hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik kan beïnvloed, gerapporteer. Hieruit is 'n rangorde van twintig hindernisse bepaal en die mees beperkende hindernisse was “tyd, familieverantwoordelikhede en het nie talent of vaardighede nie”. Die hindernisse wat sportdeelname die minste beperk of uitgesluit het, was “swak gesondheid, ek hou nie daarvan om voor seuns/dogters deel te neem nie en rasseverhoudings”. 'n Faktorontleding is uitgevoer en 5 faktore is uit die individuele vrae geïdentifiseer, naamlik familie/kultuur, finansies, vaardigheid, fasiliteite/programme en ander (tyd/niemand om mee saam te gaan nie). Geslag en ouderdom het nie 'n prakties betekenisvolle verband met die hindernisse wat sportdeelname beïnvloed, getoon nie, terwyl ras wel 'n verband getoon het.

5.2 GEVOLGTREKKINGS

Die resultate van die studie is gebruik om die gevolgtrekkings van die studie te vorm.

5.2.1 Gevolgtrekking 1

Hipotese 1: 'n Rangorde kan saamgestel word van die belangrikste redes wat hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik motiveer om aan sport deel te neem, en hierdie redes vir sportdeelname is ouderdom-, geslag- en rasspesifiek.

Aan die hand van die resultate kon 'n rangorde wel saamgestel word en die belangrikste redes wat sportdeelname kan beïnvloed, is hiervolgens geïdentifiseer. Volgens die resultate het ras en ouderdom nie prakties betekenisvol verskil met die redes vir sportdeelname nie, terwyl daar wel prakties betekenisvolle verskille by geslag voorgekom het. Omdat daar slegs prakties betekenisvolle verskille tussen die redes vir sportdeelname en geslag gevind is, bestaan daar nie 'n verband tussen die redes vir sportdeelname met ouderdom en ras nie. Hipotese 1 word dus net gedeeltelik aanvaar.

5.2.2 Gevolgtrekking 2

Hipotese 2: 'n Rangorde kan saamgestel word van die hindernisse wat sportdeelname van hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik kan verhinder om aan sport deel te neem en hierdie hindernisse is ouderdom-, geslag- en rasspesifiek.

Op grond van die response van die leerlinge is 'n rangorde wel bepaal wat die hindernisse volgens die mees beperkende na die mins beperkende hindernisse geplaas het. Volgens die resultate het geslag en ouderdom nie prakties betekenisvol verskil met die hindernisse wat sportdeelname kan beperk of uitsluit nie, terwyl daar wel prakties betekenisvolle verskille by ras voorgekom het. Hipotese 2 kan dus ook gedeeltelik aanvaar word.

5.3 AANBEVELINGS EN TEKORTKOMINGE

Uit die resultate het spesifieke redes wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem na vore gekom, asook die belangrikste hindernisse wat sportdeelname kan beperk of uitsluit. Daar word sterk aanbeveel dat kundiges op die terrein van sport kennis moet neem van hierdie resultate sodat dit aangewend kan word by toekomstige beplanning van sportprogramme vir hoërskoolleerlinge. 'n Opsommende verslag van hierdie bevindinge kan aan skole gegee word, werkswinkels asook kursusse in hierdie verband kan gehou word.

Alhoewel daar in alle studies gepoog word om die veralgemeenbaarheid van die resultate te optimaliseer, is tekortkominge geïdentifiseer. In hierdie studie is aanbevelings gemaak wat die uitkoms van verdere studies van dié aard kan verhoog.

Derhalwe word aanbeveel dat:

- 5.3.1 soortgelyke studies op meer skoolpopulasies uitgevoer moet word, aangesien hierdie resultate slegs op hoërskoolleerlinge in die Potchefstroom-distrik van toepassing is. Daar word voorts aanbeveel dat opvolgstudies in dié verband van 'n ewekansige steekproef en met 'n meer gelyke verdeling van die groepe gebruik

maak, aangesien die ongelykheid van die groepe in die onderhawige studie die resultate moontlik kon beïnvloed het;

- 5.3.2 verdere studies ook die verband tussen sosio-ekonomiese status en redes vir sportdeelname bepaal; en
- 5.3.3 studies waar die motiveringsredes van deelnemers aan verskillende sportsoorte vergelyk word, kan ook waardevolle bydraes lewer.

BYLAE

Bylaag A: Vraelys

Bylaag B: Outeursvoorskrifte

BYLAAG A:



**Sportdeelname en
welstand van
adolessente in die
Noordwes Provinsie**



**2002
Navorsingsprojek**



2002 Sportdeelname en welstand van adolessente

Hierdie ondersoek handel oor sportdeelname en gesondheidsgedrag. Die ondersoek is ontwikkel sodat julle vir ons kan vertel wat julle sport- en aktiwiteit-, asook gesondheidsgewoontes, beïnvloed. Die inligting wat ons van julle ontvang, kan gebruik word ten einde beter onderrig in Gesondheidsopvoeding in skole te verskaf asook die sport- en aktiwiteitsprofile van adolessente in die Noordwes Provinsie te kan saamstel.

MOENIE jou naam op hierdie vraelys skryf nie. Die antwoorde wat jy gee, is konfidensieel. Die antwoorde word nie aan jou as persoon gekoppel nie. Beantwoord asseblief die vrae eerlik.

Ons vra jou vrywillige deelname. Of jy die vraelys invul of nie, en hoe jy die vraelys invul, het geen verband met die skool nie.

Die vrae oor jou agtergrond sal slegs gebruik word om leerlinge te klassifiseer in groepe. Geen name sal gevra of gerapporteer word nie.

Lees asseblief elke vraag deeglik.

Sodra jy die vraelys voltooi het, gee dit asseblief in vir die persoon wat die ondersoek lei.

Baie dankie vir jou hulp

AANWYSINGS

- Gebruik 'n donker potlood of pen.
- Merk jou keuses duidelik.
- Antwoord soos volg: A B ☒ D
- Om u antwoord te verander, vee goed uit of krap verkeerde antwoord uit (x)

Afdeling A: Demografiese inligting

1. Proefpersoon nommer:

Beantwoord asb die volgende vrae en dui jou antwoord aan deur ☐ te merk by die toepaslike blokkie.

2. Dorp:
(Waar skool is)

Naam van skool

3. Geslag

Manlik / Seun

☐

1

Vroulik / Dogter

☐

2

4. Hoe oud is jy?:

13 jaar oud

14 jaar oud

15 jaar oud

16 jaar oud

17 jaar oud

18 jaar oud

Ouer as 18

	1
	2
	3
	4
	5
	6
	7

5. In watter skool graad is jy vanjaar?:

Graad

6. Etnies groepering:

Swart

Wit

Kleurling

Asiates

	1
	2
	3
	4

7. Eerste taal:

Setswana

Afrikaans

Engels

Xhosa

Zoeloe

Ander

	1
	2
	3
	4
	5
	6

8. Hoe sou jy jou akademiese punte gedurende die afgelope 12 maande beskryf?

Meestal A's		1
Meestal B's		2
Meestal C's		3
Meestal D's		4
Meestal E's		5
Meestal F's		6

9. Neem jy deel aan sport?

Ja 1 Nee 2



Indien ja, beantwoord asb die totale vraelys.



As jy **nie aan sport deelneem nie**, beantwoord asb Afdeling B vrae 17 en 18 en Afdelings C en D van die vraelys.



Afdeling B: Sportdeelname

10. Noem die sportsoort(e) waaraan u deelneem bv. sokker, en dui die vlak aan waarin u deelneem

Tipe sport	Skoolvlak				Provinsiaal ₅	Nasionaal ₆
	A-span ₁	B-span ₂	C-span ₃	Sosial ₄		
10.1 Atletiek						
10.2 Rugby						
10.3 Tennis						
10.4 Netbal						
10.5 Krieket						
10.6 Swem						
10.7 Sokker						
10.8 Hokkie						
10.9						
10.10						

Ander

11. Dui aan hoeveel dae, en ure per dag u spandeer in 'n week

Ander	Tipe sport	Hoeveelheid dae wat u per week aan sport deelneem	Ure wat u oefen per dag
	11.1 Atletiek		
	11.2 Rugby		
	11.3 Tennis		
	11.4 Netbal		
	11.5 Krieket		
	11.6 Swem		
	11.7 Sokker		
	11.8 Hokkie		
	11.9		
	11.10		

12. Neem jou gesin ook deel aan sport? Dui 'n ☐ aan in die antwoord van u keuse.

12.1	Pa	Ja	☐ 1	Nee	☐ 2
12.2	Ma	Ja	☐ 1	Nee	☐ 2
12.3	Broer(s)	Ja	☐ 1	Nee	☐ 2
12.4	Suster(s)	Ja	☐ 1	Nee	☐ 2

13. Het jou ouers aan sport deelgeneem toe hul jonger was? Dui u antwoord so ☐ aan.

Pa	Ja	☐ 1	Nee	☐ 2
Ma	Ja	☐ 1	Nee	☐ 2

14. Ondersteun jou ouers jou in jou sportdeelname? Dui u antwoord so ☐ aan.

Emosioneel	Ja	☐ 1	Nee	☐ 2
Finansieel	Ja	☐ 1	Nee	☐ 2

15. Waar beoefen jy jou sport?

15.1 Skool :

15.2 Klub :

15.3 Ander :

Ja ₁	Nee ₂
☐	☐
☐	☐
☐	☐

16. Het jou skool die fasiliteite vir die sport waaraan jy deelneem of graag wil deelneem?

Ja	Nee
☐	☐

17. Dui aan hoe belangrik die volgende redes is vir jou deelname aan sport. Dui 'n ☐ aan in die toepaslike blokkie.


Voorbeeld:

		Nie belangrik ₁	Belangrik ₂	baie belangrik ₃
	Ek wil my sportvaardighede verbeter	✓		
17.1	Ek wil my sportvaardighede verbeter			
17.2	Ek wil fiks word			
17.3	Ek wil nuwe dinge leer			
17.4	Ek hou van uitdagings			
17.5	Ek wil pret hê			
17.6	Ek wil na 'n hoër sportvlak beweeg			
17.7	Ek hou daarvan om te oefen			
17.8	Ek hou van die afrigters			
17.9	Ek hou daarvan om iets te doen waarin ek goed is			
17.10	Ek hou van kompetisie			
17.11	Ek hou daarvan om met die apparaat te oefen			
17.12	Ek wil my liggaam ontwikkel			
17.13	Ek hou daarvan om deel te wees van 'n klub of span			
17.14	Ek hou van aksie			
17.15	Ek hou van spangees			
17.16	Ek hou van opwinding			
17.17	Ek hou daarvan om te wen			
17.18	Ek hou van spanwerk			
17.19	Ek hou van beloning			
17.20	Ek hou daarvan om nuwe mense te ontmoet			
17.21	Ek hou daarvan om my met iets besig te hou			
17.22	Ek hou daarvan om belangrik te voel			
17.23	Ek wil by my vriende wees			
17.24	Ek hou daarvan om raakgesien / erkenning te kry vir wat ek doen			
17.25	Ek wil populêr wees			
17.26	Ek hou daarvan om te ry na oefeninge en kompetisies			
17.27	Ek hou daarvan om uit die huis te kom			
17.28	My ouers/vriende wil hê ek moet aan sport deelneem			
17.29	Ek wil spanning verlig			
17.30	Ek wil ontslae raak van my energie			

18. Watter van die volgende faktore verhoed of strem jou om aan sport deel te neem?

Voorbeeld:

		Ernstige beperkings, BAIE	Matige beperkings, SOMS	Geen beperkings, GLAD NIE
	Beperkings			✓
18.1	Tyd beperkings			
18.2	Niemand om mee saam te gaan			
18.3	Het nie talent/vaardigheid nie			
18.4	Is geen oefenprogramme beskikbaar nie			
18.5	Tekort aan inligting			
18.6	Familie verantwoordlikhede			
18.7	Geen fasiliteite			
18.8	Ek is nie sportief nie			
18.9	Ek geniet dit nie om aan sport deel te neem nie.			
18.10	Ek is bang om seer te kry			
18.11	Ek kan dit nie bekostig nie			
18.12	My ouers beperk my			
18.13	Swak gesondhed			
18.14	Ek hou nie daarvan om voor seuns/dogters dele te neem nie			
18.15	Rasistiese houdings			
18.16	Kulturele verskille			
18.17	Taal beperkings			
18.18	Godsdienstige oorwegings			
18.19	Probleme met vervoer			
18.20	Finansiële beperings			
	INDIEN DAAR ENIGE ANDER FAKTORE IS WAT JOU VERHOED OM AAN SPORT DEEL TE NEEM, LYS DIT ASSEBLIEF HIERONDER			
18.21				
18.22				



BYLAAG B:

INLIGTING AAN OUTEURS

Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning word gepubliseer deur die **Suider Afrikaanse Alliansie vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie**. Bydraes op die terreine van Sportwetenskap, Bewegingsopvoedkunde, Rekreasiekunde, Oefenkunde en Dansstudies sal vir publikasie oorweeg word. Die voorgelegde manuskrip sal deur 'n Resensieredakteur ge-administreer word en deur twee of meer referente geëvalueer word. Die beslissing oor die geskiktheid van 'n bepaalde artikel vir publikasie berus by die Redaksionele Komitee.

VOORLEGGING

Manuskripte moet in **een-en-'n-half-spasiëring** getik en in laserkwaliteit in "Times New Roman" met 12-punt-lettergrootte op A4-papier gedruk word. 'n Maksimum van 20 bladsye (tabelle, figure, verwysings, ens. Ingesluit) sal toegelaat word. Die oorspronklike kopie (duidelik aangedui) en vier eksemplare moet gestuur word aan:

Die Redakteur

S.A. Tydskrif vir Navorsing in Sport,

Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning

Departement Sportwetenskap

Privaatsak X1

7602 Matieland

Republiek van Suid-Afrika

Redaksionele Kantoor

Tel: 021-8084915 / 4724

Faks: 021-808 4817

E-pos: fjgvdm@maties.sun.ac.za

VOORWAARDES

'n Getekende verklaring rakende oorspronklikheid moet die manuskrip vergesel. Ten tye van die voorlegging moet die outeur 'n geskrewe verklaring indien dat die artikel nie voorheen gepubliseer is nie en ook nie tans elders vir publikasie voorgelê word nie. Manuskripte moet TAALVERSORG wees en die naam, adres en telefoon nommer van die taalversorger moet verskaf word met die voorlegging. Na ontvangs van 'n geskrewe bevestiging van die Redakteur dat die artikel vir publikasie in die Tydskrif aanvaar is, moet 'n finale uitdruk van die manuskrip en 'n virusvrye disket aangebied word. Die "DOC"-lêer op die disket moet in MS WORD, "Office 97" verskaf word (sien Figure). Dit kan ook per e-pos as 'n aangehegde lêer gestuur word.

VOORBEREIDING VAN DIE MANUSKRIP

Titelblad

Die eerste bladsy van elke manuskrip moet die *titel* in Afrikaans en Engels bevat, asook die *name* (titel, eerste naam en ander voorletters, van) van die outeur(s), die *telefoonnommers* (werk en huis), *faksnommer*, *e-posadres* (indien beskikbaar) en die *studieveld*. Die volledige posadres van die eerste outeur en die rigting waar die werk uitgevoer is, moet verskaf word. 'n Beknopte titel van nie meer as 45 karakters (spasies ingesluit) word benodig vir gebruik as lopende opskrif ("running heading").

Uittreksel

Elke manuskrip moet vergesel wees van 'n uittreksel (*abstract*) van ongeveer 150-200 woorde in Engels, op 'n *aparte bladsy* getik as 'n ENKELPARAGRAAF met een-en-'n-half-spasiëring. Slegs Afrikaanse artikels moet 'n **bykomende langer** opsomming (500-1000 woorde) in Engels insluit met die Engelse titel van die artikel vooraan. Dit moet net voor die bronnelys op 'n nuwe bladsy begin met die titel in Engels bo-aan. 'n Lys van drie tot sewe Engelse **sleutelwoorde** ("keywords") is noodsaaklik vir indekseringsdoeleindes en moet onderaan die uittreksel getik word.

Teks

Die titel van die artikel moet, sonder die name van die outeurs, gesentreer bo-aan die teks verskyn. Gaan voort met die teks en verseker dat die tegniese uitleg (opskrifte, sy-opskrifte, ens.) ooreenkom met dié van die jongste uitgawe van hierdie Tydskrif. MOET NIE die teks blok ("justify") of onderstreep nie aangesien die manuskrip dalk geskandeer mag word.

Tabelle en figure: Elke tabel en figuur moet met *Arabiese* syfers (1, 2, ens.) genummer wees en elkeen op 'n aparte bladsy aangebied word (ook op disket). Tabelle moet 'n opskrif *bo-aan* hê en figure benodig 'n byskrif *onderaan* wat nie deel van die figuur moet uitmaak nie. Vir die skanderingsproses moet die uitdrukke van figure en tekeninge van hoogstaande lasergehalte wees. Slegs *oorspronklike* foto's sal aanvaar word (fotokopieë of negatiewe is onaanvaarbaar). Dui aan waar in die teks die tabel/figuur moet verskyn. Verskaf die waardes vir die koördinate vir lyn- pilaargrafieke (figure) as 'n MS EXCEL-leër (.xcl) of WORD-dokument (.doc), asook die werklike grafiese figure in dieselfde ler. Tabelle moet *sonder kolom-/rye-strepe* aangebied word in geval van skandering. Die naam van die outeur moet duidelik op die agterkant van die uitdruk van elke tabel en figuur aangedui word. **Nota:** Maak gebruik van die desimale PUNT (nie die desimale komma nie).

Verwysings: In die teks moet die Harvard-verwysingsmetode gebruik word deur die naam van die outeur te noem en die datum tussen hakies te plaas, *byvoorbeeld:* Daly (1970); King en Leathes (1986); McGuines *et al.* (1985) of (Dale, 1970:18) wanneer die naam van die outeur nie in die sin self gebruik word nie. Wanneer meer as een outeur genoem word, word hulle chronologies gerangskik. Let daarop dat *et al.* in die teks gebruik word wanneer daar meer as twee outeurs is, maar nooit in die verwysingslys nie.

Lys van verwysings

Slegs die bronne waarna in die teks verwys word, moet alfabeties volgens die van van die outeur in die verwysingslys, met die opskrif "Verwysings" (hoofletters), opgeneem word. Die verwysingslys begin op 'n nuwe bladsy.

Wanneer daar na artikels in *TYDSKRIFTE* verwys word, moet die vanne en voorletters (hoofletters) van al die outeurs aangegee word, publikasiedatum (tussen hakies), die volledige titel van die artikel, die volledige naam van die tydskrif (kursief), die volume-nummer, die reeksnommer (weglating slegs as die betrokke tydskrif nie reeksnommers het nie) tussen hakies, gevolg deur 'n dubbelpunt, spasie, en die eerste en laaste bladsynommer met 'n koppelteken tussenin.

Voorbeeld:

VAN WYK, G.J. & AMOORE, J.N. (1995). Die bepaling van momentwaardes van spanning in die ekstensor spiere van die kniegewrig tydens fleksie en ekstensie. *SA Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, 18(1): 77-97.

In die geval van *BOEKE* as verwysingsbron, moet die naam van outeur of redakteur (Red.) aangegee word, gevolg deur die datum van uitgawe tussen hakies, die titel van die boek (kursief) soos dit op die *titelblad* verskyn, die druknommer tussen hakies, die plek van uitgawe (in die geval van die VSA, sluit die afkorting vir die staat in hoofletter in), gevolg deur 'n dubbelpunt, en die uitgewer se naam.

Voorbeeld:

JEWETT, A.E.; BAIN, L.L. & ENNIS, C.E. (1995). *The curriculum process in physical education* (2nd ed.). Madiso, WI: Brown & Benchmark.

Vir 'n **HOOFTUK** in 'n boek word die bladsynommers van die hoofstuk tussen hakies (nie kursief nie) na die titel van die boek gegee. Verdere voorbeelde en besonderhede kan in die jongste uitgawe van die Tydskrif geraadpleeg word.

Voorbeeld:

DE RIDDER, J.H. (1999) Kinanthropometry in exercise and sport. In L.O. Amusa; A.L. Toriola & I.U. Onyewadume (Eds.), *Physical education and sport in Africa* (235-263). Ibadan (Nigeria): LAP Publications.

Wanneer daar na *ELEKTRONIESE BRONNE* verwys word, geld dieselfde reëls as by 'n gedrukte medium (waar beskikbaar). Die elektroniese verwysings volg op die bibliografiese verwysing. 'n Webbladsy sal byvoorbeeld die volgende inligting bevat: naam van outeur(s) (indien bekend), jaartal van publikasie of laaste hersiening, titel van werk tussen aanhalingstekens, titel van webbladsy in kursiewe letters, URL ("Uniform Resource Locator") of webadres tussen tekshakies (geen punt volg op die adres nie) en datum van soektog. Kyk byvoorbeeld na "*How to cite information from the internet and the world wide web*" by <http://www.apa.org/journals/webref.html> vir spesifieke voorbeelde. Om na 'n webadres in die teks te verwys word slegs die adres genoem. Let op dat na die persoonlike kommunikasie, soos e-pos, net in die teks verwys word en dat dit nie in die lys van verwysings opgeneem word nie.

Voorbeeld van Webwerf:

Ackerman, E. (1996) "Writing your own Web Pages." *Creating Web Pages*. Hyperlink [<http://www.mwc.edu/ernie/writeweb.html>]. Retrieved 22 October 1999.

ADMINISTRASIE

Ten einde te verseker dat die proses nie vertraag word nie, word u versoek om asseblief die bogenoemde voorskrifte noukeurig na te volg. Artikels wat nie aan die voorskrifte voldoen nie, sal sonder evaluering aan die outeur teruggestuur word. Outeurs is verantwoordelik vir die verkryging van kopiereg en reproduksieregte ten opsigte van alle figure.

Die oorspronklike manuskripte en illustrasies sal een maand na publikasie vernietig word tensy dit aangevra word. Dit sal aan die outeur wat eerste genoem word, gestuur word.

Die eerste outeur sal vyf stele oordrukke van die artikel gratis ontvang. Bladfooie van **R80** per bladsy moet na ontvangs van 'n rekening aan die redakteur betaal word.